

TNA

The background of the cover is a photograph of a desert landscape. In the foreground, there is a large, succulent-like plant with thick, wavy, green and yellow leaves, some of which are tinged with red or purple. The plant is growing in sandy soil. In the background, there are rolling, arid hills under a clear blue sky.

TYDSKRIF VIR NEDERLANDS EN AFRIKAANS
32STE JAARGANG NR. 1 2025

Redaksioneel Marni Bonthuys en Marius Swart	1
Voorwoord Alwyn Roux	3
Jan Bouws, Afrikanernasionalisme en die grense van musiekhistoriografie in Suid-Afrika Mieke Struwig	5
Wat is die literêre respons op lyding? Vergelykings van Afrikaanse en Nederlandse tekste. Ilse de Korte en Andrew Sutton	32
Literatuurgeschiedenis transnasionaal. Een Virtuele Internationale Samenwerking (VIS) over Kaapse teksten uit die 17e en 18e eeuw. Tycho Maas	52
“Dis mooi man, Jan van Riebeeck rap nou saam die Khoisan” – Rap as transnasionale podium-fenomeen? ’n Onderzoek na die wisselwerking tussen Suid-Afrika en die Lae Lande, deur te kyk na die gevallestudie van Jack Parow en De Kraaien. Mathilda Smit	68
Iets interessants: Konstruksievariasie in die Afrikaanse en Nederlandse deelsgenitiefkonstruksie – [iets][ADJ-s] as ’n gevallestudie Adri Breed, Timothy Coleman, Anneke Butler, Monique Rabé, Suléne Pilon, Lande Botha, Maristi Partridge, Roald Eiselen en Gerhard B. Van Huyssteen	95
Essay: Poëzie in internasionale konteks: Een digitaal samenwerkingsprojek tussen Zuid-Afrika en Nederland Joris Geelen	118
Resensie: <i>Compoun</i> deur Ronelda S. Kamfer, vertaler: Alfred Schaffer Carla Lindt	127
Resensie: Multatuli. <i>Max Havelaar</i> of die koffieveilings van die Nederlandse Handelsmaatskappy, vertaler: Ena Jansen Dewald Koen	131

Omslag: Ontwerp deur Christa van Zyl

Foto: Pieter Viviers



TYDSKRIF VIR NEDERLANDS EN AFRIKAANS

32STE JAARGANG (2025) 1STE UITGAWE



SUIDER-AFRIKAANSE VERENIGING
VIR NEERLANDISTIEK

Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans is 'n geakkrediteerde tydskrif en word uitgegee deur die Suider-Afrikaanse Vereniging vir Neerlandistiek (SAVN). TNA wil die studie van die Nederlandse taal-, letterkunde en kultuur bevorder, ook in sy verhouding tot die Afrikaanse taal- en letterkunde. Daarbenewens wil die tydskrif die Afrikaanse taal- en letterkunde in Nederlandstalige gebiede bevorder. Die tydskrif verskyn twee keer per jaar.

Alhoewel die redaksie kopieregkwessies kontroleer, lê die verantwoordelikheid en aanspreeklikheid in hierdie verband by die outeur(s).

Redakteur: Dr. M. Bonthuys

Mede-redakteur: Mnr. M. Swart

Uitleg: Christa van Zyl

Redigering: Anzette Williams

Gedruk en gebind deur: V&R Drukkery, Pretoria, Tel: +27 (0)12 333 2462

Redaksie-sekretariaat: Departement Afrikaans en Neerlandistiek, Universiteit van Wes-Kaapland, Privaatsak X17, Bellville, 7535. Tel.: 0219592213. E-pos: mbonthuys@uwc.ac.za.

Inskrywings en betalings:

Kontak die voorsitter van die SAVN, prof. Alwyn Roux by erouxap@unisa.ac.za of die sekretaris van die SAVN, prof. Sonja Loots by sonja.loots@uct.ac.za vir meer inligting oor die bestelling van gedrukte eksemplare van die tydskrif.

Redaksieraad:

W.A.M. Carstens (Noordwes-Universiteit)

J. Dewulf (University of California)

M.E. Meijer Drees (Rijksuniversiteit Groningen)

H.J.G. du Plooy (Noordwes-Universiteit)

H. Ester (Radboud Universiteit Nijmegen)

E. Jansen (Universiteit van Johannesburg, Universiteit van Amsterdam)

R.S. Kirsner (University of California)

S. van Wyk (Universiteit van Wes-Kaapland)

Y. T'Sjoen (Universiteit Gent)

H.P. van Coller (Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Noordwes-Universiteit)

W. van Zyl (Universiteit van Wes-Kaapland)

R. Gouws (Universiteit Stellenbosch)

T. Coleman (Universiteit Gent)

D. van Olmen (Lancaster University)

J. Koch (Adam Mickiewicz Universiteit)

ISSN 1022-6966

Hierdie uitgawe van *TNA* bevat 'n aantal artikels gebaseer op referate wat in Julie 2024 by die uiters suksesvolle SAVN-kongres in Windhoek gelewer is. Die kongres is in samewerking met die Universiteit van Namibië aangebied. Die referate het 'n wye reeks temas gedek (sien ook die SAVN-voorsitter Alwyn Roux se uiteensetting in die voorwoord van hierdie uitgawe) en die seleksie wat in hierdie uitgawe van *TNA* aangebied word, verskaf 'n goeie oorsig van die verskeidenheid van onderwerpe bespreek by die kongres.

Die eerste artikel is gewortel in die veld van musiekhistoriografie – 'n ongewone (maar hoogs relevante) bydrae wat die ondersoeksterrein van *TNA* betref. **Mieke Struwig** ondersoek die figuur van die Nederlander Jan Bouws en die rol wat hy in (Suid)-Afrikaanse musiekhistoriografie gespeel het.

In **Ilse de Korte en Andrew Sutton** se bydrae kyk hulle vernaamlik na vier Afrikaanse en Nederlandse tekste waarin die verwerking van trauma sentraal staan in 'n poging om te bepaal hoe die verskillende literêre response op lyding daaruit sien.

Tycho Maas verskaf 'n uiteensetting van 'n virtuele internasionale samewerking tussen Universiteit Utrecht en Noordwes-Universiteit waarin Kaapse tekste uit die sewentiende en agtiende eeu met voorgraadse studente behandel is.

Hierna verskyn 'n artikel van **Mathilda Smit** oor rap as 'n transnasionale podium-fenomeen. Sy kyk na Jack Parow en De Kraaien as gevallestudies om die wisselwerking tussen Suid-Afrika en die Lae Lande, soos in hierdie genre vergestalt, te verken.

Die artikel deur **Adri Breed, Timothy Coleman, Anneke Butler, Monique Rabé, Suléne Pilon, Lande Botha, Maristi Partridge, Roald Eiselen en Gerhard B. van Huyssteen** bied 'n taalkundige bydrae. Die outeurs vergelyk konstruksievariasie in Afrikaanse en Nederlandse deelsgenitiefkonstruksies en onderskei wat laasgenoemde betref ook tussen die Nederlands wat in Nederland self en België gepraat word.

'n Essay van **Joris Geelen** word ingesluit waarin hy nog 'n internasionale digitale samewerking tussen 'n Suid-Afrikaanse en Nederlandse tersiêre instansie uiteensit – dié keer met die poësie as fokus.

Laastens sluit ons twee resensies in: **Carla Lindt** resenseer Alfred Schaffer se vertaling van Ronelda Kamfer se *Kompoun* (vertaal in Nederlands as *Compoun*) en **Dewald Koen** resenseer Ena Jansen se vertaling van Multatuli se beroemde *Max Havelaar* in Afrikaans.

Alle dank aan Anzette Williams met die uitleg, Marius Swart met die seleksie van keurders ('n toenemend moeilike taak namate die kundiges op die gebied van veral Nederlands in Suid-Afrika afneem) en Christa van Zyl vir uitleg. As simbool vir die uitsonderlike kongres in Namibië het ons 'n foto van die bedreigde welwitschia, inheems aan Namibië, op die voorblad geplaas.

Ons dra hierdie uitgawe graag op aan Kobie de Kamper wat die SAVN se jarelange penningmeesterassistent was en nog die kongres in Windhoek bygewoon het voor sy skielik oorlede is.

Universiteit van Wes-Kaapland

Voorwoord

Die driejaarlikse kongres van die Suider-Afrikaanse Vereniging vir Neerlandistiek (SAVN), Windhoek, 8–10 Julie 2024

Alwyn Roux

Van 8 tot 10 Julie 2024 het die Suider-Afrikaanse Vereniging vir Neerlandistiek (SAVN) se driejaarlikse kongres in Windhoek plaasgevind. Dié kongres sou reeds in 2020 by die Departement Afrikaans van die Universiteit van Namibië (UNAM) plaasgevind het, maar weens die Covid-19-pandemie is dit uitgestel. In 2022 het die SAVN-bestuur voorgestel dat die SAVN-kongres saam met die Internasionale Vereniging voor Neerlandistiek (IVN) se IVN-kongres gehou word. Die IVN-kongres, met 'n spesiale been van die SAVN-kongres, het van 22–26 Augustus 2022 in Nijmegen plaasgevind.

Annika van der Linde (UNAM), dosent in Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit van Namibië, was die skakelpunt vir die SAVN-kongres in Windhoek. Die SAVN-bestuur vir die termyn 2021–2024, bestaande uit Adri Breed (NWU), Nerina Bosman (UP), Sonja Loots (UK), Alwyn Roux (Unisa), Gonneke Groenen (NWU), Marni Bonthuys (UWK), Marius Swart (US) en Kobie de Kamper (penningmeestersassistent), moes dus twee kongresse in hierdie bestuurstydperk reël. Hoewel dit groot werk was, het die kollegialiteit en lewenslange vriendskappe wat hieruit voortgespruit het, dit die moeite werd gemaak.

Die openingsaand van die Windhoek-kongres was reeds die aand vantevore, 7 Julie, met 'n verwelkomingsborreltjie in die voorportaal van die hoofgebou van die UNAM. Van der Linde en haar span, sowel as die Vlaamse Verteenwoordiging, onder leiding van Nicolas Vandeviver, het vir die heerlike versnaperinge gesorg. Herman Beyer, 'n taalkundige aan die UNAM, het die kongreslede hartlik verwelkom en die SAVN-bestuur bedank vir die geleentheid om die SAVN-kongres in Windhoek te hou. Hy beklemtoon die rol van Nederlands in die geskiedenis van Namibië, 'n geskiedenis wat weens die Duitse koloniale verlede nie in die voorgrond staan nie en baie keer misgekyk word. Tog wys hy op die groot invloed wat Nederlands op die taallandskap van Namibië gehad het, met Afrikaans as een van die amptelike tale in Namibië.

Die kongres is in die seminaarlokale van die Mövenpick Hotel gehou, wat die groot aantal kongresgangers – ongeveer 45 mense – gemaklik geakkommodeer het. Die programbestuurders, Marni Bonthuys en Marius Swart, moes twee parallelle sessies inruim sodat die referate in die twee en 'n half dae van die kongres aangebied kon word. Dit is opmerklik dat die aanbieders ongeveer vyftig-vyftig taal- en letterkunde-navorsers was, wat die indeling van die referate

heelwat vergemaklik het. Hoofsprekers was Ernst Kotzé (NMU) met die referaat “Stemme uit die Ooste – die kaleidoskoop van die Kaap”; Margriet van der Waal (UvA/RUG) wat die referaat “Tussen ‘spiegelland’ en ‘voorland’: Zuid-Afrika in het politieke debat over het Nederlands koloniaal verleden” gelewer het en Reinhild Vandekerckhove (UAntwerpen) wie se referaat “Het jonge Nederlands in online interactie: taalcontact, variatie en accommodatie” getiteld was.

Tydens die kongresdinee is dit ’n gebruik dat erelidmaatskap toegeken word aan dié wat ’n groot rol gespeel het indie uitbouing van die Neerlandistiek in ’n Suider-Afrikaanse konteks. Twee belangrike lede het hierdie toekenning ontvang: Nerina Bosman en Wannie Carstens. Nerina Bosman het Wannie Carstens se commendatio voorgedra. Adri Breed het Nerina Bosman se commendatio voorgedra.

Ten slotte wil ek graag die uittredende voorsitter, Adri Breed, van harte bedank vir alles wat sy vir die SAVN oor haar termyn (2021–2024) beteken het. Dit was ’n groot plesier om saam met haar as deel van hierdie fantastiese bestuurspan te kon werk. Ons groet ook Nerina Bosman (voorsitter vir drie termyne, sedert 2014–2021; ondervoorsitter 2021–2024) en Kobie de Kamper (penningmeestersassistent). Dit gaan voorwaar ’n moeilike taak wees om sonder hulle voort te gaan, maar die nuwe SAVN-bestuur sal baie by julle kom kers opsteek.

(Skrywe oorspronklik gepubliseer op *Voertaal*, 26 Julie 2024)



Die uittredende bestuur van die SAVN (2021-2024) tydens hulle laaste bestuursvergadering in Windhoek. Kobie de Kamper (regs voor) jarelange penningmeesterassistent van die SAVN is op 1 Augustus 2025 na ’n kort siekbed oorlede.

Jan Bouws, Afrikanernasionalisme en die grense van musiekhistoriografie in Suid-Afrika¹

Mieke Struwig

Jan Bouws, Afrikaner nationalism, and the boundaries of music historiography in South Africa

Jan Bouws was a Dutch-born musicologist who became a prominent figure in South African music historiography and a key participant in the cultural project of Afrikaner nationalism. A prolific scholar, Bouws was an enthusiastic champion of South African music through his practical efforts to promote South African compositions in Europe and his extensive academic and non-academic publications. This article presents the first sustained critical account of both Bouws' life and work based on extensive archival research. It addresses two recurring critiques – his amateurism and ideological bias – and argues for a nuanced understanding of his methods, motivations, and cultural role. By situating Bouws within broader Dutch-Afrikaner networks and Afrikaner nationalist cultural institutions, the article sheds light on how music historiography functioned as both symbolic capital and ideological infrastructure under apartheid.

1. Inleiding

Verskeie “Nederlandse vriende van Suid-Afrika” (Hartman, 1958b: 6) het in die negentiende en twintigste eeu noemenswaardige bydraes tot Afrikaanse kultuurgeskiedenis gemaak. Die gebied van musiek was geen uitsondering nie. Daar was volksmusiekkroniekskrywer Jo Fourie (1884-1973) wat die land deurkruis het op soek na Afrikaanse volksliedjies en wysies om te versamel, te noteer en op te neem; Willem van Warmelo (1894-1976) wat breedvoerige navorsing oor Afrikaanse liederwysies, volksmusiek en later Maleise musiek gedoen het, asook Nicolaas Mansvelt (1852-1933), redakteur van die *Hollands-Afrikaanse Liederbundel*.² Min was egter so invloedryk soos Jan Bouws, ’n Nederlandse skoolonderwyser wat die saak van Suid-Afrikaanse (en spesifiek Afrikaanse) kuns- en volksmusiek met sendingywer bevorder het (Venter, 2009: 61) en dikwels beskryf word as ’n pionier van die Suid-Afrikaanse musiekwetenskap (*Conserve Nuus*, 1978: 7; Lüdemann, 2005: 102).³

Bouws se omvangryke navorsingsuitset sluit akademiese studies, populêre studies en joernalistiek in. Ten spyte van die institusionele erkenning wat hy tydens sy leeftyd geniet het, was hy tot dusver ’n relatief ongeëvalueerde figuur in kritiese musiekwetenskaplike diskoers. Hierdie artikel bied die eerste

volgehoue ontleding van Bouws gebaseer op uitgebreide argivale navorsing en ondersoek die metodologiese grondslag sowel as die kulturele implikasies van Bouws se werk.⁴ My argument is tweeledig: Ek beskou Bouws beide as 'n pionier van Afrikaanse musiekgeskiedskrywing en as 'n kulturele akteur wat diep verweef was met Afrikanernasionalisme se ideologiese en institusionele netwerke. Ek posisioneer Bouws dus as 'n spilpunt in die intellektuele geskiedenis van Suid-Afrikaanse musiek en as 'n figuur waardeur die verstrengeling van nasionalisme, kennisproduksie en kultuur tydens apartheid ondersoek kan word.

2. 'n Boerenliefde ontstaan: Bouws in Nederland

Bouws word gebore in 1902 in Purmerend, Nederland. Hy ontwikkel vroeg al 'n besondere liefde vir Afrikaanse musiek en geskiedenis, met sy ouma wat van kleins af Afrikaanse volksliedjies en stories van die Tweede Anglo-Boereoorlog met hom deel (Ottermann, 1972: 2). As jong seun hang 'n portret van sy held, generaal De Wet, bo sy bed (*Die Beeld*, 1968). Hierdie belangstelling in die Afrikaners was nie ongewoon in vroeë twintigste-eeuse Nederland nie. In die jare ná die Tweede Anglo-Boereoorlog was daar in Nederland wye simpatie en bewondering vir die Afrikaners, wat dikwels as 'boerenliefde' beskryf is – 'n geromantiseerde siening van die Afrikaners of Boere as eenvoudige, patriargale plattelanders wat 'n heldhaftige stryd teen die Britte gevoer het (Koorts, 2009: 130-131; Kuitenbrouwer, 2012: 73, 288, 292; Schutte, 1986: 73). In Bouws se geval sou hierdie verwondering hom vir die grootste deel van sy volwasse lewe bybly en uiteindelik as dryfkrag dien vir sy musiekhistoriese werk (Hartman aan Cillié, 12 Mei 1957), al sou dié idealisme moontlik later getemper word.

Alhoewel hy opgelei word en werk as skoolonderwyser en later as skoolhoof in Amsterdam, ontvang hy ook klavier-, musiekteorie- en kontrapuntonderrig, en woon die musikologielesings van Albert Smijers (Universiteit van Utrecht) asook Karel Philippus Bernet Kempers en Jos Smits van Waesberghe (Universiteit van Amsterdam, destyds die Amsterdamse Gemeente Universiteit) by. In 1930 word sy eerste artikel in Suid-Afrika in *Die Huisgenoot* gepubliseer (Bouws, 1930). Alhoewel hierdie artikel in Nederlands geskryf is en oor Nederlandse musiekboeke handel het, publiseer Bouws oor die daaropvolgende jare tientalle artikels oor Suid-Afrikaanse musiek in die Europese pers, en in Afrikaans in die Afrikaanse pers. Drie van sy toonsettings van Afrikaanse gedigte – “Op my ou ramkietjie” (woorde deur C. Louis Leipoldt), “Dis al” (woorde deur J.F.E. Celliers) en “Ou Magjaar se liedjie”

(woorde deur Eitemal) – word in die 1937 *FAK Volksangbundel vir Suid-Afrika* opgeneem. In 1935 begin hy met in-diepte navorsing in die argiewe van die Nederlands-Zuid-Afrikaanse Vereniging (hierna NZAV) in Amsterdam en dit lei tot die publikasie van sy eerste boek in 1946 – *Musiek in Suid-Afrika* – wat handel oor die vroeë musiekgeskiedenis van die Kaap (Bouws, 1946).

Bouws en sy vrou, die ensiklopedis en skrywer Juliana Bouws-Van Heijningen, het in dié tyd albei betrokke geraak by verskeie Suid-Afrikaans-geïntereerde bewegings wat aan die Zuid-Afrikahuis in Amsterdam gevestig was. Sedert 1934 dien Bouws onder andere as sekretaris van die Afdeling Amsterdam van die NZAV, is lid van die Boekekommissee Nederland-Zuid-Afrika, die Onderwyskommissee vir verspreiding van kennis oor Suid-Afrika, die Hoofbestuur en Daelikse Bestuur van die NZAV, en is ook die Vereniging se adviseur vir radiosake. Op haar beurt is Juliana Bouws penningmeesteres van die Stichting tot Bevordering van de Studie van Taal, Letterkunde, Cultuur en Geschiedenis van Zuid-Afrika en sekretaresse van die Boekekommissee Nederland-Zuid-Afrika.⁵

Bouws bevorder ook op praktiese maniere Suid-Afrikaanse (en veral Afrikaanse) musiek: Hy reël radio-uitsendings vir Suid-Afrikaanse komposisies in Europa, bewerkstellig Europese uitgewers vir Suid-Afrikaanse komposisies en oortuig verskeie vooraanstaande Nederlandse en Vlaamse komponiste soos Rudolf Mengelberg, Johannes Röntgen, Henk Badings, Wolfgang Wijdeveld en Flor Peeters om Afrikaanse gedigte te toonset (Hartman, 1958b: 5-6; Jacobs, 1992: 67).⁶

Die Bouws-egpaar raak verder betrokke by die Afrikaanse intellektuele lewe deur hulle vriendskap met talle invloedryke Afrikaner-akademici en -skrywers in Amsterdam, insluitende Elizabeth (Bettie) Conradie, C.J.M. en P.J. Nienaber, Sheila Cussons, Geoffrey Cronjé en Piet Meyer (Nienaber aan Bouws, 19 Maart 1939, 8 Mei 1948).⁷ Kort voor die publikasie van *Musiek in Suid-Afrika* ontvang Bouws 'n brief van Anton Hartman (6 Oktober 1946) waarin Hartman sy belangstelling in en ondersteuning van Bouws se werk uitspreek. Hartman sou later 'n lid van die Broederbond, hoof van musiek by die SAUK en voorsitter van die FAK se musiekkommissee word. Hierdie brief lei tot die ontstaan van 'n vriendskap en dekades lange korrespondensie tussen die twee mans.⁸

3. 'n Voortrekker van musiekgeskiedenis: Bouws en die ontstaan van Afrikaanse musiekhistoriografie

Danksy die ondersteuning van Hartman en die FAK besoek Bouws Suid-Afrika vir die eerste keer in 1957 om 'n referaat by die FAK se volksmusiekkongres

in Stellenbosch aan te bied (sy reiskostes word deur die Suid-Afrikaanse regering gedek).⁹ Oortuig dat Bouws belangrike kulturele werk kan verrig deur Afrikaanse volksmusiek te bestudeer en te dokumenteer, beywer Hartman hom as hoof van die FAK se musiekkommissie om Bouws permanent in Suid-Afrika te kry, óf as die FAK se versamelaar en klassifiseerder van volksmusiek óf as die hoof van 'n spesiaal gestigte instituut vir volksmusiek by 'n universiteit (Hartman aan Bouws, 2 April 1958, 4 Julie 1958).¹⁰ Die Universiteit Stellenbosch is vinnig as die ideale ligging vir so 'n instituut gesien. Die amptelike redes wat vir die keuse gegee is, beklemtoon die institusionele, geografiese en kulturele geskiktheid van die instelling. Dit is die oudste inrigting vir hoër musiekopleiding in Suid-Afrika en die grootste musiekdepartement aan 'n Afrikaanse universiteit. Daarbenewens is dit geleë in die deel van die land waar “blanke beskawing die langste gevestig is” en waar daar na verwagting die meeste volksliedjies te vind is. Aangesien koorsang en sang reeds 'n “besondere plek” in die musieklewe van die dorp en universiteit beklee, bied dit verder die “ideale geleentheid om die herlewering van volksmusiek, wat deur die Instituut beoog word, in die praktyk te beoefen” (Van der Spuy aan Thom, 22 Oktober 1958).

Die feit dat die rektor van die Universiteit Stellenbosch – H.B. Thom – die voorsitter van die FAK en Broederbond was, het seer sekerlik die keuse van Stellenbosch vergemaklik.¹¹ Die universiteit neem vinnig die saak ter harte en vroeg in 1960 vestig Jan en Juliana Bouws hulleself permanent in Suid-Afrika ná Bouws se aanstelling as direkteur van die nuut gestigte Instituut vir Volksmusiek by die universiteit.¹²

Daar doseer Bouws ook musiekgeskiedenis en -paleontologie in die musiekdepartement. Hy voltooi in 1965 sy doktorsgraad onder leiding van Bernet Kempers en G.G. Cillie met 'n proefskrif oor die musieklewe in Kaapstad tussen 1800 en 1850 (Bouws, 1965). Tussendeur hou hy aan om boeke, bydraes tot ensiklopedieë, akademiese artikels asook koerant- en tydskrifartikels te publiseer, en om talle radiopraatjies en lesings aan te bied. In totaal publiseer Bouws meer as 100 akademiese artikels, 70 artikels in nie-akademiese tydskrifte en 200 koerantartikels.¹³ Hierdie aansienlike navorsingsuitset maak hom een van apartheid-Suid-Afrika se mees produktiewe musiekwetenskaplikes.

Dit is egter nie net Bouws se produktiwiteit wat hom so 'n belangrike figuur in die Suid-Afrikaanse musiekwetenskap maak nie. By die Universiteit Stellenbosch lei sy aanstelling tot die begin van musiekwetenskaplike studie in die musiekdepartement. Sy *Musiek in Suid-Afrika* was een van die eerste geskiednisse van musiek in Suid-Afrika en kan saam met sy

latere werk gesien word as die ontluiking van 'n toegespitste Afrikaanse musiekhistoriografiese tradisie, al was dit nie 'n besonder kritiese een nie.¹⁴ In 'n tyd waarin die meeste musiekwetenskaplike navorsing in Suid-Afrika op Europese onderwerpe gefokus het en daar min sistematiese dokumentasie van die geskiedenis en huidige stand van Suid-Afrikaanse (en Afrikaanse) musiek bestaan het, was Bouws se fokus op hierdie geskiedenis en op hedendaagse komponiste ongewoon.¹⁵ Bouws het verder bygedra tot die ontwikkeling van die Afrikaanse musiekhistoriografie deur sy leiding van verskeie nagraadse navorsingsprojekte wat later “betekenisvolle boustene” van die “Suid-Afrikaanse musiekgeskiedskrywing” geword het (Ottermann, 1972: 2) asook sy mentorskap van vele jong musiekwetenskaplikes.¹⁶ Dit is om hierdie redes dat Bouws deur baie beskou word as 'n pionier van die Suid-Afrikaanse musiekwetenskap.¹⁷

4. Bouws onder kritiek: Historiese en moderne perspektiewe

Ten spyte van hierdie hoë aansien van Bouws se werk in die verlede, was dit nie sonder kritici nie. Dit is nie verbasend nie, gegewe dat sy ‘diskursiewe vyande’ in die volksmusiek aan weerskante van die spektrum gesit het, met Bouws wat sy argumente in die middel van hierdie botsende sienings moes formuleer. Aan die een kant was daar die elite komponiste (soos Arnold van Wyk, Stefans Grové en Hubert du Plessis) wat nie regtig belanggestel het in Afrikaanse volksmusiek nie.¹⁸ Uit dié kamp kon daar maklik die gevoel ontstaan dat dit waarmee Bouws hom besig gehou het, lawwigheid was. Aan die ander kant van die spektrum was daar die volksmusiekversamelaars wat nie eintlik musici was nie, maar uit die volkekundetradisie gekom het en volkswysies soos museumstukke regoor die platteland bymekaargemaak het.

Tydens Bouws se leeftyd is kritiek op sy werk egter meestal agter toe deure uitgespreek. Arnold van Wyk, komponis en kollega van Bouws aan die Stellenbosch Konservatorium, het sorgvuldig elkeen van die foute in een van Bouws se boekies oor komponiste in potlood gemerk.¹⁹ Reeds voor die Volksmusiek Kongres in 1957 het Anton Hartman aan G.G. Cillié geskryf dat dit “verkeerd en selfs gevaarlik [sou] wees om [Bouws] oor enige van die aktuele probleme van ons volksmusiek te laat praat” (Hartman aan Cillié, 12 Mei 1957). Vir Hartman was die gevaar nie net Bouws se posisie as Nederlander wat nog nooit Suid-Afrika besoek het, en dus geen insig in die werklikheid van die (toe) huidige stand van musikale sake gehad het nie,²⁰ maar ook die relatiewe gebrek aan “konstruktiewe denke, diep ondersoek en betroubare waardebeoordeling” in sy werk.²¹ Cillié het saamgestem dat Bouws “in

die verlede [nie] genoeg onderskeidingsvermoë aan die dag gelê het nie” (Cillié aan Hartman, 20 Mei 1957).

In onlangse jare het Bouws se werk toenemend openbare kritiek ontvang. Vir Carina Venter (2009: 62-63) kom Bouws se werk herhalend en stagnerend voor.²² Sy kritiseer ook Bouws se gebrek aan “kritiese beskouing van sy onderwerpe” en noem sy kort boekhoofstukke, voorkeur vir “feitelike stellings eerder as ’n soeke na betekenis” en sy geneigdheid om nie sy eie stem in sy skryfwerk te gebruik nie, as bewyse hiervan. Reeds in 1946 het Anton Hartman soortgelyk opgemerk dat terwyl Bouws “’n objektiewe relaas van die feite gee” hy “self graag meer sintese van die innerlike groei uit die feite afgelei wou gesien het” (Hartman aan Bouws, 22 Desember 1946).

In hul kort oorwegings van Bouws bevraagteken Becky Steltzner (2016), Rebecca Sandmeier (2018) en Erik Dippenaar (2021) die waarde van sy historiografie. Steltzner (2016: 36-37) wys daarop dat die sogenaamde ‘primêre bronne’ waarop Bouws staatmaak dikwels sekondêre bronne of soms selfs berigte van sekondêre bronne is, wat die akkuraatheid van al Bouws se stellings in die gedrang bring. Op haar beurt suggereer Sandmeier dat Bouws se politieke en ideologiese motiverings sy werk beïnvloed het, en verwys as ’n voorbeeld na Bouws se beskrywing van Charles Etienne Boniface as die eerste Suid-Afrikaanse komponis ten spyte van min bewyse daarvan.²³ Hierdie kritiek word deur Dippenaar (2021: 8-10) voortgesit, wat argumenteer dat Bouws se interaksies met sekere artefakte en historiese bronne skynbaar beïnvloed is deur sy voorafgevormde idees en ideologiese oortuigings, wat die akkuraatheid van sy ontleding en gevolglik die geldigheid van sy bewerings in die gedrang bring. Dippenaar (2021: 10) wys veral daarop dat Bouws se voorneme om tekens van Westerse ideale in Suid-Afrika te sien posvat moontlik gelei het tot die oorhaastige erkenning van hierdie tekens, of die beskouing van voorwerpe en gebeurtenisse as meer waardevol as wat hulle werklik was. Twee komponente van hierdie kritiek staan uit. Die eerste is slordige navorsing, veral in die hantering van historiese bronomateriaal, wat lei tot ’n assosiasie met ’n tipe amateurisme. Die tweede is die klag van ideologiese verdraaiing.

5. Die politiek van amateurisme: Bouws se metode en motief

Die verband met ’n sekere mate van amateurisme is nie nuut in die Suid-Afrikaanse musiekwetenskap, en veral die Afrikaanse musiekwetenskap, nie. Frits Stegmann (1973), Louis Steyn (1964), Con de Villiers en Charlie Weich het nie een musiekwetenskaplike opleiding gehad nie, maar het almal

talle kwasi-akademiese boeke en artikels oor verskeie musiekverwante onderwerpe geskryf, hoofsaaklik gemik op amateurlesers.²⁴ Alhoewel Bouws dikwels saam met hierdie skrywers gegroepeer word, is sy koppeling aan hierdie tradisie nie onproblematies nie.

Baie van Bouws se skryfwerk was op 'n algemene leserspubliek gemik, veral sy boeke *Suid-Afrikaanse komponiste van vandag en gister* (Bouws, 1957b), *Die Afrikaanse volkslied* (Bouws, 1958) en *Komponiste van Suid-Afrika* (Bouws, 1971), sy artikels in populêre publikasies soos *Die Huisgenoot*, *Die Taalgenoot* en *Handhaaf* en koerantartikels in *Die Burger* en *Die Vaderland*. As sodanig kan sy gebruik van 'n unieke skryfstyl, wat Benedictus Kok (1959: 158) beskryf het as 'n "onpretensieuse en intieme geselstrant" nie "neerhalend en [...] bruisend[e] met geleerdheidsvertoon" nie, gesien word as 'n pragmatiese besluit vir iemand wat geglo het dat die skryf vir sulke publikasies en lesers 'n "belangrike voorligtingstaak" was (Bouws aan Malan, 11 Augustus 1962). Deur sy werk het Bouws nie net gepoog om die gebrek aan kennis oor Afrikaanse volksliedjies en musiekgeskiedenis in die akademie aan te spreek nie, maar ook om 'n bewustheid van en waardering vir hierdie tradisie onder die Afrikanerpubliek te kweek. Die meeste van Bouws se uitsluitlik akademiese tekste, soos sy PhD-proefskrif en die boek wat daarop gebaseer is, bevat uitgebreide en sorgvuldige verwysings. As sodanig is die gebrek aan sulke verwysings in baie van sy ander werk miskien die resultaat van 'n poging om dit vir hierdie breër leserspubliek toeganklik te maak.²⁵

Die insae wat Bouws se korrespondensie op sy navorsingsmetodes bied, bemoeilik die bewering van amateurisme verder. Op 11 Augustus 1964 skryf Bouws aan Jacques Philip Malan oor sy ondersoek na die musieklewe aan die Kaap vanaf 1800 tot 1850 en brei uit op die metodologie wat hy volg. Eerstens word alle toepaslike koerante, tydskrifte, reisbeskrywings en -joernale asook die korrespondensie van besoekers aan die Kaap nagegaan en enige verwysings na musiek, musiekaktiwiteite of musikante gedokumenteer. Dié navorsing is dan aangevul met inligting wat Bouws buite Suid-Afrika verkry het. Hoewel hy nie spesifiseer waar hy dié inligting gekry het nie, noem hy elders dat hy gereeld die argiewe van die NZAV, die Suid-Afrikaanse Instituut en die Koninklijk Instituut voor de Tropen geraadpleeg het. Alhoewel Bouws beklemtoon dat dit noodsaaklik is om 'n verskeidenheid koerante en tydskrifte te raadpleeg, noem hy nie hoe hy die akkuraatheid van die inligting in die bronne bepaal het nie.

Bouws brei ook uit oor hoe hy die versamelde argiefdata georganiseer en bestuur het. In 'n brief aan P.J. Nienaber (8 Augustus 1968) noem hy dat hy

'n kaartstelsel gebruik het om inligting vas te vang. Kaarte is dan volgens onderwerp of tydvak georganiseer om hoofstukke te vorm – 'n stap wat hy as een van die moeilikste in die navorsingsproses gevind het. Hierna het hy begin skryf, dikwels teen so 'n aansienlike spoed dat hy 'n boek in 'n somervakansie kon skryf. Hoewel dit blyk asof die argiefwerk en organisering van die argiefmateriaal die grootste deel van Bouws se navorsingsproses uitgemaak het (en dit soms so lank as vier jaar geneem het), het die skryfproses steeds verskeie uitdagings ingehou, soos te sien in hierdie brief aan P.J. Nienaber (30 Januarie 1969):

Die grootste moeilikheid met die skryfwerk van so 'n boek is natuurlik dat jy die eerste is wat die lyn van ontwikkeling moet trek! Dink maar aan julle boek oor die letterkunde en Afr. Beweging. Wat vir latere skrywers amper vanselfsprekend is, is dit nie vir die Voortrekker nie!

Behalwe sy navorsing wat op uitgebreide argiefwerk staatgemaak het, het Bouws ook heelwat geskryf oor kontemporêre, meestal Afrikaanse, komponiste. Hierdie werke word gekenmerk deur 'n algemene gebrek aan aanhalings, wat vir baie hulle gesaghebbendheid in die gedrang bring. Bouws se uitgebreide korrespondensie met komponiste soos John Joubert, Stephen Eyssen, Gideon Fagan, Blanche Gerstman, Stefans Grové, Hubert du Plessis en Arnold van Wyk, wat almal in sy boeke verskyn, is egter insiggewend. In hierdie korrespondensie bespreek Bouws en die komponiste onder andere hulle komposisies, komposisiestyl, motiverings vir sekere musikale keuses en hul loopbane, inligting wat dan deur Bouws in sy werk oor hierdie komponiste gebruik is. Alhoewel die amper totale gebrek aan aanhalings gesien kan word as slordige navorsing en die akkuraatheid van die werk dus onduidelik is, is hierdie werke 'n waardevolle bron van primêre inligting wat deur die komponiste self verskaf is. Hoewel nie neutrale historiese 'feite' nie, is dit dus steeds belangrike dokumente wat 'n aanduiding gee van hoe hierdie komponiste oor hulleself en hul musiek gedink het.

Bouws het dus duidelik oor die algemeen uitgebreide argivale en ander navorsing gedoen, hierdie materiaal sorgvuldig georganiseer en dit op verskeie maniere in 'n toeganklike skryfstyl aan die publiek oorgedra. Hoewel hy soms oorgretig was om inligting wat hy in argiewe gevind het as feite te aanvaar, sou dit dikwels baie moeilik gewees het om die akkuraatheid van hierdie inligting – wat soms die enigste berig van 'n gebeurtenis was – te bepaal.

6. Kultuur as ideologie: Bouws en Afrikanernasionalisme

Die tweede aspek van kritiek op Jan Bouws, soos hierbo genoem, is die klag van ideologiese verdraaiing. Hoewel baie van sy musiekgeskiedskrywing oënskyndelik dokumenterend van aard is, was dit verweef met die kulturele en simboliese projekte van Afrikanernasionalisme. Sy werk sluit dus aan by die ideologiese konstruksie van Afrikanerkultuur en -nasionalisme – projekte waarin musiek as 'n vorm van nasionale kapitaal begin funksioneer het.

Carina Venter (2009) se insigte is hier besonder verhelderend. In haar ondersoek na die intellektuele ekonomie tussen apartheidsintellektualisering en Afrikaanse musiekhistoriografie identifiseer Venter drie prominente temas in Bouws se musiekhistoriografie: Afrikanermonumente, musikale innoveerders en vokale musiek.²⁶ Venter argumenteer dat apartheidsteoretisering en -intellektualisering ingespyel het in Bouws (en ander Afrikaanse skrywers) se musiekhistoriografie. In hierdie verband wys Venter op die teenwoordigheid van die volgende in Bouws se werk: die gebruik van nasionale (Afrikaanse) simbole soos die veld, aarde (grond), (boere)plaas en land; die ondertone van apartheidsdiskoers in die teks se stiltes en weglatings; die topos van die stryd teen verengelsing op alle fasette van die Afrikaanse kulturele lewe (veral in vokale musiek verteenwoordig); en rasverwante metafore en assosiasies, onder andere die idees van kontaminasie en reinheid (die ou gunsteling van Geoffrey Cronjé – sien Coetzee, 1991) asook stereotipes van die 'kleurling' as jolig en geneig tot dronkenskap, laasgenoemde veral in sy werk oor die volksliedjie.²⁷

Bouws se werk is egter nie net deur apartheidsdiskoers en -intellektualisering beïnvloed nie, maar het deelgeneem aan wat Isabel Hofmeyr (1988: 522) na verwys as die “kulturele fabrikasie van [Afrikaner] nasionalisme”. Soos Venter (2009: 68) argumenteer, rig Bouws musikale monumente vir Afrikanergeskiedenis op:

In Musiek in Suid-Afrika organiseer Bouws die narratief min of meer chronologies volgens sekere historiese en 'monumentale gebeure' vir die Afrikaner. Voorbeelde sluit in die Nederlandse vestiging aan die Kaap, die Groot Trek en die Tweede Afrikaanse Taalbeweging. Sy daaropvolgende historiografie beeld musiekhistoriese gebeure altyd uit en interpreteer dit binne hierdie groter diskoers van kulturele gebeurtenisse wat sentraal staan in 'n Afrikanerhistoriografie met mitiese, politieke en godsdienstige betekenisse vir die volk. [...] Bouws koppel musiekhistoriografie aan gebeure wat gelaai politieke en kulturele betekenisse het. [...] [S]y musiekgeskiedenis [...] bly 'n narratief waarin musiek doelbewus deur Afrikanerkultuurgeskiedenis geannekseer word. Bouws rig musikale monumente op vir Afrikanergeskiedenis. [my vertaling]

Om ten volle die belangrikheid van Bouws se rol in hierdie projek te verstaan, is Benedict Anderson (2006) se werk oor nasies of volke as ‘verbeelde gemeenskappe’ insiggewend. Nasies of volke is nie verbeel in die sin dat hulle vals is nie, maar in die sin dat alle grootskaalse groepe nie summier bestaan nie, maar gestig of verbeel moet word. ’n Belangrike deel van die generering van sulke ‘verbeelde gemeenskappe’ is die fabrikasie en konstruksie van mites en tradisies (Hobsbawm, 2000: 13; Morrison, 2004: 50).

Volgens Bouws is baie van sy werk geïnspireer deur die “uitsprake van verskeie Suid-Afrikaanse professore in musiek” dat daar geen volksmusiek in Suid-Afrika was nie, of selfs dat Suid-Afrika nie eie musiek het nie (Bouws, s.a. [my vertaling]). Bouws se skrywe oor die geskiedenis van (Suid-) Afrikaanse musiek, die Afrikaanse volksmusiek en hedendaagse (Suid-) Afrikaanse komponiste kan dus as belangrike boublokke gesien word in hierdie skep van gekonstrueerde tradisies vir ’n Afrikanermusiekkultuur.²⁸ Dat Bouws sodoende aan Afrikanerkultuur gebou het, is duidelik uit ’n huldeblyk gepubliseer in die *Matieland* ná Bouws se dood waarin beweer word dat Bouws “’n reuse bydrae [*sic*] gelewer [het] tot die uitbouing van die Afrikaanse kultuur” (*Matieland*, 1978: 33).

Wat is die hooftrekke van die narratief wat Bouws van die Afrikanermusiektradisie skep? Duidelik te sien in Ottermann (2002: 140) se stelling dat Bouws se werk “’n wyer internasionale bewuswording van ’n ou en gevestigde Westerse musiekkultuur aan die Kaap tot gevolg gehad” het, is die bydrae wat Bouws se skrywes oor die Suid-Afrikaanse musiekgeskiedenis gemaak het tot die idee van ’n *longue durée* van Europese musiektradisies in die land. Sodoende kon Bouws die ontlukende Afrikaanse kultuur koppel aan ’n lang Europese geskiedenis, ’n idee wat aansluit by die siening van Afrikaners as die fakkeldraers van Europese beskawing in die ‘donker’ Afrika-kontinent. Hierdie koppeling word dan instrumenteel in sy werk oor Afrikaanse volksliedjies, wat ’n belangrike bydrae tot die projek van die afkamping en bevordering van ’n unieke kulturele en linguistiese identiteit vir Afrikaners was (’n ideaal veral belangrik tydens die stryd teen verengelsing in die twintigste eeu).

Op hulle beurt kan sy werk oor kontemporêre Suid-Afrikaanse komponiste gesien word as ’n bewys van die rypwording van die Afrikaanse (en Suid-Afrikaanse) musikale en kulturele lewe. So dra dit nie net by tot die narratief van die Afrikaners as ’n moderne, ontwikkelde volk nie, maar voed die diskoers wat Afrikaners as die fakkeldraers van die Westerse kultuur opstel. Sodoende skep Bouws ’n ontwikkelingsnarratief van Afrikaanse musiek wat die storie vertel van naturalisasie en die bereiking van kulturele wasdom, of soos Bouws dit noem, die “mondigwording” van Suid-Afrikaanse musiek

(Bouws, 1957a). Dit is 'n storie wat Suid-Afrikaanse kunsmusiek, en die Afrikanervolk, alte graag oor homself vertel.

Bouws vermy deurgaans in-diepte bespreking van onderwerpe wat die sukses van hierdie narratief kan kniehalter: Alhoewel die volksliedjie (en gevolglik boeremusiek) 'n dubbelsinnige ruimte is as gevolg van die koppeling aan kulture wat nie wit of Europees is nie, "herskryf Bouws [per geleentheid] doelbewus of onbewustelik die storie van Afrikaanse volks- en boeremusiek om daaraan 'n Europese herkoms te skenk" (Venter, 2009: 75 [my vertaling]). Elders, wanneer die nie-Europese oorsprong van volksliedjies onbetwisbaar is, manipuleer Bouws hom behendig uit die moontlike dubbelsinnigheid deur te argumenteer dat "die oorname van volksliedjies van ander volke [...] ook by alle ander volke voorkom". Gevolglik is dit "nie die herkoms [...] wat die deurslag gee nie, maar die vorm en inhoud wat die liedjie in die proses van sing, sing en nogmaals sing by ons mense gekry het" (Bouws, 1972). Bouws se uitweg in hierdie argument is die soort sanitering van Afrikanerkultuur en -simbole tot 'n institusionaliseerbare vorm wat elders ook plaasgevind het in die tyd (Froneman, 2024: 111).²⁹

Nog 'n netelige kwessie wat Bouws slinks ontduik is die ontwikkeling van 'n nasionale styl in die kunsmusiek. Alhoewel Suid-Afrikaanse komponiste en musiekwetenskaplikes (en selfs Bouws) dit eens is dat 'n nasionale kunsmusiekstyl nog nie ontwikkel was nie, stel Bouws steeds kulturele wasdom as die eindpunt van sy narratief op deur nie werklik analities oor die musiek te skryf nie, maar te bly by biografiese sketse en vae estetiese uitsprake. En net ingeval iemand besonder krities wou wees oor die kwaliteit van Afrikaanse komponiste, noem Bouws die moeilike plattelandse toestande vir die grootste deel van Suid-Afrika se geskiedenis as verklaring vir hoekom daar nog geen "Afrikaner-Mozart" was nie (Bouws, 1971: 10).

Dié narratief wat Bouws deur sy musiekhistoriografie opstel, ondersteun die nasionalistiese verbeelding van die Afrikaner as terselfdertyd Europeër én Afrikaner. Hierdie spanningsvolle dubbele identiteit was kenmerkend van Afrikaner-selfverbeelding in die twintigste eeu. Bouws se konstante beklemtoning van die Europese wortels van die (Suid-)Afrikaanse musiekkultuur, sy fokus op die unieke vorm wat hierdie kultuur plaaslik aangeneem het (veral in sy werk oor die volksliedjie), sy voorstelling van kulturele wasdom en sy vermyding van duidelike grense tussen kunsmusiek en volksmusiek – oftewel tussen die Europese erfenis en plaaslike identiteit – kon saam gelees word as 'n ondersteuning van die idee dat Afrikaners nie net erfgename van Europa is nie, maar ook 'n gevestigde, inheemse teenwoordigheid op die kontinent vorm.³⁰

Blykend is dat Bouws se musikale en historiese diskoers inskakel by breër

argumente rondom Afrikanernasionalisme. Die institusionele erkenning wat Bouws se werk geniet het, dui op sy belang vir die kulturele uitbouing van dié nasionalistiese projek. In 1959 ontvang hy die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns se Erepenning vir sy bydraes tot die kennis van Afrikaanse musiek; in 1968 die Akademie se Stalsprys vir sy bydrae tot kulturele geskiedenis, veral vir sy *Die musieklewe van Kaapstad, 1800-1850* (Bouws, 1966); en in 1972 'n Oorkonde van die FAK ter erkenning van sy werk oor die Afrikaanse volksliedjie.³¹ 'n Commendatio deur professor Benedictus Kok (1959: 158-159) beklemtoon die waarde wat aan Bouws se werk geheg is:

Ek glo nie dit is oordrewe as ek sê dat Jan Bouws ons vanuit Holland bewus gemaak het van die kosbare kultuurbesit wat ons in ons volksmusiek het nie en dat hy ons oë geopen het vir die betekenis van ons eie musici wat nie juis veel aanmoediging in ons eie land ondervind nie.

Bouws was nie net op diskursiewe vlak in die Afrikaanse akademiese en kulturele projek verwickeld nie, maar ook op persoonlike (en strukturele) vlak met die magstrukture van Afrikanernasionalisme en die Afrikaner-intelligentsia wat dit gedryf het. Uit Bouws se gereelde korrespondensie met Hartman en Nienaber, sowel as sy noue samewerking met iemand soos G.G. Cillié, is dit duidelik dat hy deel was van 'n bepaalde netwerk van mense, belange en invloed. Hierdie netwerk was die Broederbond (of Afrikanerbond, die AB) – al die voorgenoemde individue was lede (Wilkins en Strydom, 1979) – en sy belange was die ideologiese vorming en praktiese magsuitbreiding van Afrikanernasionalisme (Moodie, 1975: 96-116). Bouws se verwickeldheid raak duideliker wanneer daar in ag geneem word dat die FAK, deur wie Bouws baie van sy werk verrig het, “die openbare vleuel van die AB” was (Giliomee, 2004: 368) wat geleidelik vanaf sy stigting in 1929 die kulturele werk van die Bond oorgeneem het (Marx, 2008: 162-163).

Netwerke soos die Broederbond kan beskou word as kragvelde wat mense beïnvloed, hetsy hulle doelbewus deel uitmaak daarvan of toevallig in die wentelbaan daarvan beland het. In albei gevalle ervaar individue die impak van die idees en bevordering van sekere belange (soos dié van Afrikanernasionalisme) wat in hierdie netwerke sirkuleer. Of Bouws aktief in die netwerk van die Broederbond beweeg het of bloot deur sy invloed sfeer gedryf is, is dus van relatief min belang. Wat wel saak maak, is dat hy die voordele van hierdie netwerk geniet het – sy pos by die Universiteit Stellenbosch is gestig ná 'n memorandum van 'n Broederbonder en FAK-lid (Anton Hartman) gestuur is via die hoof van die musiekdepartement aan 'n

ander Broederbond en FAK-lid (H.B. Thom) – en dat sy werk onvermydelik die belange van hierdie netwerk bevorder het. Dat Bouws aanvaar en selfs in hierdie kring verwelkom is, is duidelik uit Broederbonders soos Hartman en Piet Meyer se verwysing na hom as ’n “ware Afrikaner” (Hartman, 1979: 62; Meyer aan Bouws, 21 Maart 1960).

Dat Bouws simpatie gehad het vir die saak van Afrikanernasionalisme en die verheerliking van Afrikanerkultuur wat daarmee gepaard gegaan het, is duidelik uit sy korrespondensie, met Nienaber sowel as Hartman wat gemaklik genoeg gevoel het om gereeld hieroor aan hom te skryf (al reageer Bouws dikwels nie direk op hierdie uitlatings nie). In sy briewe aan Bouws skryf Anton Hartman vryelik oor die behoefte om Afrikanerkultuur en -musiek te bevorder en te bewaar, asook oor Bouws se rol in hierdie projek (Hartman aan Bouws, 2 November 1950, 14 Desember 1958, 12 Desember 1960). Bouws se persoonlike houding teenoor apartheid is egter minder eksplisiet. Dat hy doelbewus deelgeneem het aan die rehabilitasie van Suid-Afrika se beeld in die buiteland, is duidelik uit sy opmerking dat die publikasie van sy werk in die buiteland een “van die beste metodes is om die beeld van Suid-Afrika na die buiteland oor te dra”. Juis “omdat musiek nie politiek is nie” trek en hou dit mense se aandag, die teenoorgestelde van wat gebeur “sodra jy begin met apartheid” (Bouws aangehaal in *Die Beeld*, 1968: 13). In apartheid-Suid-Afrika, waar kultuur en politiek onlosmaaklik verweef was, verteenwoordig só ’n skeiding self ’n politieke gelaaiete posisie. Ons weet egter nie wat Bouws se antwoord was op P.J. Nienaber se skrywe oor die noodsaaklikheid van apartheid, asook sy teleurstelling oor die groeiende internasionale kritiek daarvoor nie (Nienaber aan Bouws, 5 November 1950).

In ag genome Bouws se simpatie vir die Afrikanersaak is dit dus interessant dat Bouws in 1973 vir onbekende redes lidmaatskap van die Genootskap vir Afrikaanse Volkskunde weier (Loots aan Bouws, 12 Julie 1973). Meer onlangs beweer Winfried Lüdemann (2020: 5) na aanleiding van ’n gesprek met Reino Ottermann – wat as Bouws se protégé by Stellenbosch gesien kan word – dat Bouws in sy latere lewe ontnugter was met die rigting waarin Suid-Afrikaanse en spesifiek Afrikaanse kultuur begin ontwikkel het. Ek kon egter geen bevestiging hiervan vind nie.

Indien Bouws se aanvanklike verwondering met die Afrikaners gelees kan word as deel van die breër kultuursentiment wat in die vroeë twintigste eeu in Nederland bestaan het – die romantiese ‘boerenliefde’ wat vroeër in hierdie artikel bespreek is – dan kon die ontnugtering wat hy moontlik later ervaar het ooreenstem met veranderinge in die trajek van hierdie sentiment (alhoewel in ’n effens vertraagde tydlyn). Breë Nederlandse (en Vlaamse) belangstelling

in en simpatie met Afrikaans en Afrikaners in die negentiende en vroeë twintigste eeu was nie net die gevolg van hierdie romantiese 'boerenliefde' nie, maar ook geskoei op idees van 'stamverwantschap' tussen Nederlanders en Afrikaners (De Graaff, 1993) en later 'n poging om die Afrikaanse identiteit teen verengelsing te versterk (Kuitenbrouwer, 2012: 264). Alhoewel historici verskil oor wanneer hierdie simpatie begin afneem, is daar min twyfel dat die Tweede Wêreldoorlog, die institusionalisering van apartheid en gebeure soos die Sharpeville-slagting gelei het tot 'n grootskaalse afname in hierdie gevoel van solidariteit (De Graaff, 1993: 9-18, 299-308; Kuitenbrouwer, 2012: 286; Schutte, 1986: 57-71, 2005: 289-345). As Ottermann se bewering van Bouws se ontnugtering met Afrikanernasionalisme later in sy lewe korrek is, het sy emosionele en intellektuele verbintenis met die Afrikaners moontlik in spanning gekom met die politieke realiteite wat in die tweede helfte van die twintigste eeu ontvou het.

Nietemin kan Bouws se moontlike ontnugtering in sy latere lewe nie slegs aan breër kulturele en politieke verskuiwings toegeskryf word nie. Persoonlike omstandighede het waarskynlik ook 'n rol gespeel. Hy het in hierdie tyd begin sukkel met gesondheidsprobleme, veral artritis, wat teen die vroeë 1970's sy vermoë om argiefnavorsing te doen al hoe meer beperk het (Bouws aan Nienaber, 2 Desember 1971). Hierdie fisieke beperking, gekombineer met loopbaanfrustrasies – Bouws is nooit bevorder tot professor nie en het lank gesukkel om 'n uitgewer te vind vir sy magnum opus, *Drie eeue onder die Suiderkruis* (Bouws aan Nienaber, 7 Julie 1975) – het moontlik bygedra tot 'n gevoel van marginalisering. Hierdie werk, wat eers vier jaar ná sy dood in 1978 verskyn het as *Solank daar musiek is ...* (Bouws, 1982), was bedoel as die kulminasie van 'n leeftyd se arbeid. Die vertraging en beperkte erkenning daarvan kan gelees word as deel van die breër proses waardeur Bouws moontlik kultureel en persoonlik vervreem geraak het van die projekte wat hy vroeër so entoesiasies ondersteun het.³²

7. Tussen kultuur en ideologie: Jan Bouws en medepligtigheid

Jan Bouws se nalatenskap is ongetwyfeld kompleks. As navorser was hy 'n pionier wat gewerk het op terreine waar min ander gewerk het en voorheen onbekende besonderhede oor die Suid-Afrikaanse musieklewe bekend gemaak het. Hy het ook musiekwetenskap by een van Suid-Afrika se oudste universiteitsmusiekdepartemente gestig en 'n generasie van navorsers geïnspireer en gementor. Hy was egter ook 'n aktiewe deelnemer aan 'n intellektuele ekonomie gefokus op die bevordering (en vorming)

van Afrikanerkultuur en -identiteit, en was verweef met die magsnetwerke wat Afrikanernasionalisme versprei en versterk het. In hierdie konteks was Bouws se keuse om beide akademiese asook verskeie toeganklike, populêr-wetenskaplike werke te publiseer besonders belangrik. Hierdie toeganklikheid vir 'n wye leserspubliek en sy omvangryke oeuvre het hom die ideale kandidaat gemaak om deel te neem aan die nasionale verbeelding en vorming van Afrikanermusiekgeskiedenis en -identiteit. Dit is juis dit wat hom waarskynlik so waardevol gemaak het vir die Afrikanerkultuurelite. Dat Bouws doelbewus sy werk so toeganklik aangebied het, laat die moontlikheid ontstaan dat hy hierdie rol wóú speel.

Alhoewel daar min tekens is van 'n uitgesproke ondersteuning van Afrikanernasionalisme, maak die bogenoemde dit maklik om hom te wil verdoem as 'n apartheidsapparatsjik. Deur die lens van medepligtigheid ('complicity') soos aangebied deur Mark Sanders (2002: x) – wat deur daarop aan te dring dat “weerstand en samewerking verwant is aan mekaar [my vertaling]” argumenteer teen 'n binêre siening van apartheidsera intellektuele figure as óf vir óf teen apartheid – kan Bouws en sy werk nie eenvoudig as slegs propagandisties of naïef afgemaak word nie. Eerder belig dit die subtile en dikwels ongemerkte maniere waarop akademiese arbeid bygedra het tot die legitimering van apartheidsera kulturele politiek, soos Bouws se oprig van monumente in diens van 'n spesifieke volksnarratief deur musiekgeskiedskrywing. Die uitweg uit binêre denke wat medepligtigheid bied, maak egter ook 'n meer genuanseerde lees van Bouws moontlik.

Dit is dan wat 'n mens kan begin wonder tot watter mate Bouws gemotiveer was deur 'n optimisme gevoed deur sy verwondering oor die opbloeï van 'n jong Dietse kultuur, en 'n pioniersgees wat hom aangespoor het om die eerste te wees wat die musiekgeskiedenis van Suid-Afrika dokumenteer. Hy het Suid-Afrika as die ideale land vir musieknavorsing beskou – 'n onontginde terrein wat volgens hom groot potensiaal vir akademiese werk gebied het (*Die Beeld*, 1968: 13) – en het na homself verwys as 'n Voortrekker wat die eerste een was om die lyn van ontwikkeling te trek (Bouws aan Nienaber, 30 Januarie 1969). Hierdie werksdrang was ook gekoppel aan 'n lewenslange 'boerenliefde'. Alhoewel nie een van hierdie motiverings onproblematies is nie, dui dit nie noodwendig op duistere motiewe nie. Dat enige van hierdie faktore (of selfs almal) – sowel as die feit dat Bouws homself later as ware Afrikaner beskou het (sien Bouws, 1972) – tegelyk waar kan wees, is ook belangrik om te erken.³³

As 'n aktiewe rolspeler in die transnasionale sirkulasie van musikale en ideologiese kapitaal tussen Nederland en Afrikanerdom, illustreer Bouws op treffende wyse verskeie van die patrone en spanninge wat Nederlands-

Afrikaanse verhoudinge gekenmerk het. Sy Nederlandse agtergrond en sy transformasie tot “’n ware Afrikaner” is egter meer as net ’n biografiese nuuskierigheid of ’n voetnota tot Nederlands-Afrikaanse verhoudinge. Dit weerspieël die kragtige invloed van transnasionale netwerke op die totstandkoming van Afrikanernasionalisme en herinner ons daaraan dat kulturele projekte selde uitsluitlik plaaslik is.

Om Bouws te bestudeer is om die insypeling van apartheidsdiskoers in Afrikaanse musiekhistoriografie te ondersoek, die rol van musiekhistoriografie in die projek van Afrikaner- (kulturele) nasionalisme te herbedink en die deurdringende aard van Afrikanernasionalisme se ideologiese magstrukture te onthul. Hierdie analise dring aan op ’n kritiese benadering tot Afrikaanse musiekhistoriografie en ’n beskouing daarvan as ’n volslae ideologiese praktyk. Dit dwing ons om te vra: wie skryf geskiedenis, in diens van watter ideologieë en met watter gevolge?

Uiteindelik is Bouws nie net ’n onderwerp van studie nie, maar ’n venster op die invloed van magsnetwerke op kultuur, en die verlange na ’n musiekgeskiedenis waardeur die Afrikanervolk homself kon verbeel.

Africa Open Instituut, Universiteit Stellenbosch

Bronnelys

Primêre bronne

- Behrens, R. 1969, Augustus 7. Korrespondensie van R. Behrens aan Registrateur (Akademies) Universiteit Stellenbosch. Konservatorium Versameling (Jan Bouws 65:268d). Dokumentasie Sentrum vir Musiek (DOMUS), Universiteit Stellenbosch.
- Behrens, R. 1970, Julie 29. Korrespondensie van R. Behrens aan Registrateur (Akademies) Universiteit Stellenbosch. Konservatorium Versameling (Jan Bouws 65:268d). DOMUS, Universiteit Stellenbosch.
- Behrens, R. 1971, Oktober 13. Korrespondensie van R. Behrens aan Registrateur (Akademies) Universiteit Stellenbosch. Konservatorium Versameling (Jan Bouws 65:268d). DOMUS, Universiteit Stellenbosch.
- Behrens, R. 1972, Desember 14. Korrespondensie van R. Behrens aan Registrateur (Akademies) Universiteit Stellenbosch. (U/1N, 1960-1973), Universiteit Stellenbosch Argief.
- Bouws, J. 1957a. Kort inleiding by die konsert van Suid-Afrikaanse komposisies

- op Helderdag, 1957. Jan Bouws Versameling (MM 20/79/54.40, Boks 25). Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum en Navorsingsentrum (hierna NALN), Bloemfontein.
- Bouws, J.** 1962, Augustus 11. Korrespondensie van J. Bouws aan J.P. Malan. RGN Versameling (Boks 7, Bouws-lêer). Nasionale Argief van Suid-Afrika (hierna NASA), Pretoria.
- Bouws, J.** 1964, Augustus 11. Korrespondensie van J. Bouws aan J.P. Malan. RGN Versameling (Boks 7, Bouws-lêer). NASA, Pretoria.
- Bouws, J.** 1968, Augustus 8. Korrespondensie van J. Bouws aan P.J. Nienaber. Jan Bouws Versameling (MM 20/90/1.12, Boks 125). NALN, Bloemfontein.
- Bouws, J.** 1969, Januarie 30. Korrespondensie van J. Bouws aan P.J. Nienaber. Jan Bouws Versameling (MM 20/90/1.13, Boks 125). NALN, Bloemfontein.
- Bouws, J.** 1971, Desember 2. Korrespondensie van J. Bouws aan P.J. Nienaber. Jan Bouws Versameling (MM 20/90/1.20, Boks 125). NALN, Bloemfontein.
- Bouws, J.** 1972. Dankwoord by die oorhandiging van FAK Oorkonde. Jan Bouws Versameling (227/2.4). Spesiale Versamelings, Universiteit Stellenbosch.
- Bouws, J.** 1975, Julie 7. Korrespondensie van J. Bouws aan P.J. Nienaber. Jan Bouws Versameling (MM 20/90/1.21, Boks 125). NALN, Bloemfontein.
- Bouws, J.** s.a. Omzien en Verdergaan. Jan Bouws Versameling (MM 20/79/26.85, Boks 36). NALN, Bloemfontein.
- Bouws-Van Heijningen, J.C.** 1978, Oktober 25. Korrespondensie van J.C. Bouws Van-Heijningen aan H.B. Thom. H.B. Thom Versameling (191.k.B.119(2)). Spesiale Versamelings, Universiteit Stellenbosch.
- Bouws-Van Heijningen, J.C.** 1982, Mei 5. Korrespondensie van J.C. Bouws Van-Heijningen aan A.W. Liefeldt (Sekretaris van Kaapse Drie-Eeue-Stigting). Jan Bouws Versameling (227/1/4(7)). Spesiale Versamelings, Universiteit Stellenbosch.
- Cillié, G.G.** 1957, Mei 20. Korrespondensie van G.G. Cillié (jnr.) aan A. Hartman. G.G. Cillié jnr. Versameling (210 FAK). Spesiale Versamelings, Universiteit Stellenbosch.
- Conserve Nuus.** 1978, April. Nuusbrief van die Konservatorium van die Universiteit van Stellenbosch: Jan Bouws. Jan Bouws Versameling (227/7/3). Spesiale Versamelings, Universiteit Stellenbosch.
- Hage, C.J.** 1982, Januarie 27. Korrespondensie van C.J. Hage (Bestuurder: HAUM) aan J. Bouws Van-Heijningen. Jan Bouws Versameling (227/1/4(6)). Spesiale Versamelings, Universiteit Stellenbosch.
- Hartman, A.** 1946, Oktober 6. Korrespondensie van A. Hartman aan J. Bouws. Jan Bouws Versameling (MM 20/129, Boks 15). NALN, Bloemfontein.

- Hartman, A.** 1946, Desember 22. Korrespondensie van A. Hartman aan J. Bouws. Jan Bouws Versameling (MM 20/128, Boks 15). NALN, Bloemfontein.
- Hartman, A.** 1950, November 2. Korrespondensie van A. Hartman aan J. Bouws. Jan Bouws Versameling (MM 20/120, Boks 15). NALN, Bloemfontein.
- Hartman, A.** 1957, Mei 12. Korrespondensie van A. Hartman aan G.G. Cillié (jnr.) G.G. Cillié jnr. Versameling (210 FAK). Spesiale Versamelings, Universiteit Stellenbosch.
- Hartman, A.** 1958a. Bylae E by Uitvoerende Komitee Agenda 31/7/58: Memorandum opgestel deur Mnr. A.C. Hartman: Die stigting van 'n instituut vir volksmusiek. G.G. Cillié jnr. Versameling (210 FAK). Spesiale Versamelings, Universiteit Stellenbosch.
- Hartman, A.** 1958, April 2. Korrespondensie van A. Hartman aan J. Bouws. Jan Bouws Versameling (MM 20/111, Boks 15). NALN, Bloemfontein.
- Hartman, A.** 1958, Julie 4. Korrespondensie van A. Hartman aan J. Bouws. Jan Bouws Versameling (MM 20/109, Boks 15). NALN, Bloemfontein.
- Hartman, A.** 1958, Desember 14. Korrespondensie van A. Hartman aan J. Bouws. Jan Bouws Versameling (MM 20/79/53/411, Boks 30). NALN, Bloemfontein.
- Hartman, A.** 1960, Desember 12. Korrespondensie van A. Hartman aan J. Bouws. Jan Bouws Versameling (MM 20/79/303.391, Boks 98). NALN, Bloemfontein.
- Loots, W.** 1973, Julie 12. Korrespondensie van W. Loots aan J. Bouws. Jan Bouws Versameling (MM20/79/53.238, Boks 32). NALN, Bloemfontein.
- Meyer, T.W.S.** 1960, Maart 21. Korrespondensie van T.W.S. Meyer aan J. Bouws. Jan Bouws Versameling (MM20/79/53.46, Boks 28). NALN, Bloemfontein.
- Nienaber, P.J.** 1939, Maart 19. Korrespondensie van P.J. Nienaber aan J. Bouws. Jan Bouws Versameling (MM 20/79/312.2, Boks 97). NALN, Bloemfontein.
- Nienaber, P.J.** 1947, Maart 2. Korrespondensie van P.J. Nienaber aan J. Bouws-Van Heijningen. Jan Bouws Versameling (MM 20/79/312.38, Boks 97). NALN, Bloemfontein.
- Nienaber, P.J.** 1947, Mei 1. Korrespondensie van P.J. Nienaber aan J. Bouws. Jan Bouws Versameling (MM 20/79/312.41, Boks 97). NALN, Bloemfontein.
- Nienaber, P.J.** 1947, Junie 30. Korrespondensie van P.J. Nienaber aan J. Bouws. Jan Bouws Versameling (MM 20/79/312.48, Boks 97). NALN, Bloemfontein.
- Nienaber, P.J.** 1948, Mei 8. Korrespondensie van P.J. Nienaber aan J. Bouws. Jan Bouws Versameling (MM 20/79/312.57, Boks 97). NALN, Bloemfontein.
- Nienaber, P.J.** 1948, Oktober 17. Korrespondensie van P.J. Nienaber aan J.

- Bouws-Van Heijningen. Jan Bouws Versameling (MM 20/79/312.61, Boks 97). NALN, Bloemfontein.
- Nienaber, P.J. 1950, November 5. Korrespondensie van P.J. Nienaber aan J. Bouws. Jan Bouws Versameling (MM 20/79/312.67, Boks 97). NALN, Bloemfontein.
- Nienaber, P.J. 1951, Februarie 11. Korrespondensie van P.J. Nienaber aan J. Bouws. Jan Bouws Versameling (MM 20/79/312.68, Boks 97). NALN, Bloemfontein.
- Universiteit Stellenbosch. 1958. Notule van die Raadsvergadering gehou op 13 Desember 1958. Universiteit Stellenbosch Argief.
- Universiteit Stellenbosch. 1959. Notule van die Raadsvergadering gehou op 31 Oktober 1959. Universiteit Stellenbosch Argief.
- Van der Spuy, G.Z. 1958, Oktober 22. Korrespondensie van G.Z. van der Spuy aan H.B. Thom. G.G. Cillié jnr. Versameling (210 FAK). Spesiale Versamelings, Universiteit Stellenbosch.
- Van Wyk, A. 1947, Februarie 27. Korrespondensie van A. van Wyk aan J. Bouws. Jan Bouws Versameling (MM 20/79/11.45, Boks 19). NALN, Bloemfontein.

Sekondêre bronne

- Anderson, B. 2006 (1983). *Imagined communities: Reflections on the origin and spread of nationalism*. Londen: Verso.
- Botha, Y. 2009. Die ontstaansgeskiedenis van Die Oranjeklub, met spesiale verwysing na die bevordering van die Suid-Afrikaanse toonkuns. Ongepubliseerde MMus-verhandeling. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.
- Bouws, J. 1930. Nederlandse boeke over muziek. *Die Huisgenoot* 14(410): 43-47.
- Bouws, J. 1946. *Musiek in Suid-Afrika*. Brugge: Uitgeverij Voorland Brugge.
- Bouws, J. 1957b. *Suid-Afrikaanse komponiste van vandag en gister*. Kaapstad: A.A. Balkema.
- Bouws, J. 1958. *Die Afrikaanse volkslied*. Johannesburg: FAK.
- Bouws, J. 1964. *Maatgespeel: 'n Bundel musiekjoernalistiek*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Bouws, J. 1965. Die musieklewe van Kaapstad, 1800-1850, en sy verhouding tot die musiekkultuur van Wes-Europa. Ongepubliseerde PhD-proefskrif. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.
- Bouws, J. 1966. *Die musieklewe van Kaapstad, 1800-1850, en sy verhouding*

- tot die musiekkultuur van Wes-Europa.* Kaapstad: A.A. Balkema.
- Bouws, J.** 1971. *Komponiste van Suid-Afrika.* Stellenbosch: C.F. Albertyn.
- Bouws, J.** 1980. Boniface, Charles-Etienne. In: Malan, J.P. (red.). *South African music encyclopedia: Volume I.* Kaapstad: Oxford University Press.
- Bouws, J.** 1982. *Solank daar musiek is ... Musiek en musiekmakers in Suid-Afrika 1652-1982.* Kaapstad: Tafelberg.
- Cillié, G.G.** 1991. Afrikaanse liederwysies – 'n besondere erfenis. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 5(1): 19-28.
- Cillié, G.G.** 1993. Willem van Warmelo (1894-1976) se bydrae tot groter kennis van Afrikaanse liederwysies. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 33(1): 40-61.
- Coetzee, J.M.** 1991. The mind of apartheid: Geoffrey Cronjé (1907-). *Social Dynamics* 17(1): 1-35.
- De Graaff, B.J.H.** 1993. *De mythe van de stamverwantschap: Nederland en de Afrikaners, 1902-1930.* Amsterdam: Suid-Afrikaanse Instituut.
- Die Beeld.** 1968. Die Hollander wat S.A. aangeneem het: Genl. De Wet het altyd bo sy bed gehang. 19 Mei: 13.
- Die Burger.** 1957. Jan Bouws vertel van die Afrikaanse Liedjies. 1 Oktober: n.p.
- Dippenaar, E.G.D.V.** 2021. Conquering the Cape: The role of domestic keyboard instruments in colonial society and the colonisation process. Ongepubliseerde PhD-proefskrif. Kaapstad: Universiteit van Kaapstad.
- Ekermans, B.** 1998. *'n Bibliografie van werke deur en oor Jan Bouws (1902-1978).* Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.
- FAK.** 1960. FAK-jaarverslag: Taalfeesjaar, 1959-1960 en Program vir 15de FAK-Kongres, 28 en 29 September 1960. Pretoria: FAK.
- Froneman, W.** 2012. She danced alone: Jo Fourie, songcatcher of the Groot Marico. *Ethnomusicology Forum* 21(1): 53-76.
- Froneman, W.** 2024. *The groovology of white affect: Boeremusiek and the enregisterment of race in South Africa.* Switzerland: Palgrave Macmillan.
- Giliomee, H.** 2004. *Die Afrikaners: 'n Biografie.* Kaapstad: Tafelberg.
- Grové, S.** 1952. Probleme van die S.A. komponis. *Standpunte* 7(2): 69-79.
- Hartman, A.** 1947. 'n Oorsig van die Europese musiek in Suid-Afrika, 1652-1800. Ongepubliseerde MMus-verhandeling. Johannesburg: Universiteit van die Witwatersrand.
- Hartman, A.** 1958b. Jan Bouws. In: Bouws, J. *Die Afrikaanse Volkslied.* Johannesburg: FAK.
- Hartman, A.** 1979. Jan Bouws (28 Julie 1902-26 Januarie 1978). *Standpunte*, 3de reeks 32(1): 62-65.
- Hobsbawm, E.** 2000 (1983). Introduction: Inventing traditions. In: Hobsbawm,

- E. en Ranger, T. (reds.). *The invention of tradition*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Hofmeyr, I. 1988. Popularizing history: The case of Gustav Preller. *The Journal of African History* 29(3): 521-535.
- Jacobs, A. 1992. Dr Jan Bouws (1902-1978) se bydrae tot die Suid-Afrikaanse musieklewe. *Musicus* 20(2): 64-71.
- Kirby, P.R. 1937. Saint Cecilia goes south: A contribution to the history of music in South Africa. *Proceedings of the Musical Association* 64: 25-38.
- Kok, B. 1959. Erepennig vir bydrae tot die kennis van die Afrikaanse musiek, 1959: Huldigingswoord. *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns* 19(2): 158-159.
- Koorts, L. 2009. Afrikaner nasionaliste as product van het Nederlandse hoger onderwijs? Het voorbeeld van D.F. Malan. In: Dorsman, L.J. en Knechtmans, P.J. (reds.). *Over de grens: Internationale contacten aan Nederlandse universiteiten sedert 1876*. Hilversum: Verloren.
- Kuitenbrouwer, V. 2012. *War of words: Dutch pro-Boer propaganda and the South African war (1899-1902)*. Amsterdam: Amsterdam University Press.
- Lüdemann, W.A. 2005. Die Konservatorium en Musiekwetenskap. In: Grové, I.J. (red.). *Konservatorium 1905-2005: Die Departement Musiek en die Konservatorium aan die Universiteit Stellenbosch by geleentheid van die Eeufees*. Stellenbosch: SUN Press.
- Lüdemann, W.A. 2020. Windows on South African art music in the European tradition. Ongepubliseerde PhD-proefskrif. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.
- Malan, J.P. (red.). 1984. *South African music encyclopedia: Volume III*. Kaapstad: Oxford University Press.
- Malan, J.P. (red.). 1986. *South African music encyclopedia: Volume IV*. Kaapstad: Oxford University Press.
- Marx, C. 2008. *Oxwagon sentinel: Radical Afrikaner nationalism and the history of the Ossewabrandwag*. Pretoria: University of South Africa Press.
- Matieland. 1978. In Memoriam. 1(78): 32-33.
- Moodie, T.D. 1975. *The rise of Afrikanerdom: Power, apartheid, and the Afrikaner civil religion*. Berkeley: University of California Press.
- Morrison, C. 2004. Culture at the core: Invented traditions and imagined communities. Part II: Community formation. *International Review of Scottish Studies* 24: 49-71.
- Muller, S.J.v.Z. 2000. Sounding margins: Musical representations of white South Africa. Ongepubliseerde DPhil-proefskrif. Oxford: Oxford Universiteit.
- Ottermann, R.E. 1972. Hulde aan beskeie musiekman: Jan Bouws word sewentig. *Die Burger*, 31 Julie: 2.

- Ottermann, R.E. 1978. Jan Bouws. *Musicus* 6(1): 26-29.
- Ottermann, R.E. 2002. Jan Bouws 100. *Musicus* 30(1): 140-141.
- Recourt, J.W. 2018. Moralist van de ontrouw: Jan Greshoff (1888-1971). Ongepubliseerde PhD-proefskrif. Amdsterdam: Universiteit van Amsterdam.
- Recourt, J.W. en Jansen, E. 2012. "Ik heb me nog nooit van mijn leven zoo agressief-Hollandsch gevoeld." Jan Greshoffs eerste jaar in Zuid-Afrika: Hoe een kosmopolitische Hollander een buitenstaander werd. *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans* 19(2): 5-27.
- Sanders, M. 2002. *Complicities: The intellectual and apartheid*. Durham: Duke University Press.
- Sandmeier, R. 2018. In search of 'The first South African composer': The potholes and pitfalls of researching the history of Western music in South Africa. Universiteit van Kaapstad: Intreerede. <https://www.youtube.com/watch?v=MAYgEA1rYJQ>. (Datum van gebruik: 4 September 2023).
- Schutte, G.J. 1986. *Nederland en die Afrikaners: Adhesie en aversie*. Franeker: Uitgeverij T. Wever B.V.
- Schutte, G.J. 2005. *De Vrije Universiteit en Zuid-Afrika 1880-2005. Deel 1*. Zoetermeer: Uitgeverij Meinema.
- Spies, L. 2000. 'n Blik van binne: Gerrit Komrij se bloemlezing De Afrikaanse poëzie 1000 en enkele gedichten. *Nederlandse Letterkunde* 5(3): 286-292.
- Stegmann, G.F. 1973. *Die Afrikaanse operettegids*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Stegmann, G.F. 1979. De Villiers, Cornelius Gerhardus Stephanus (Con). In: Malan, J.P. (red.). *South African music encyclopedia: Volume I*. Kaapstad: Oxford University Press.
- Stegmann, G.F. 1986. Weich, Charles H. ("Oom Charlie"). In: Malan, J.P. (red.). *South African music encyclopedia: Volume IV*. Kaapstad: Oxford University Press.
- Steltzner, B.L. 2016. The history of the clarinet in South Africa. Ongepubliseerde PhD-proefskrif. Kaapstad: Universiteit van Kaapstad.
- Steyn, L. 1964. *Die Afrikaanse operagids*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Venter, C. 2009. The influence of early apartheid intellectualisation on twentieth-century Afrikaans music historiography. Ongepubliseerde MMus-verhandeling. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.
- Venter, C. 2011. Die verband tussen vroeë apartheidsintellektualisering, Afrikanermusiekhistoriografie en die ontluiking van 'n apartheidsestetika in die toonkuns. *LitNet Akademies* 8(3): 508-527.
- Viljoen, L. 2000. Resensie: Gerrit Komrij – Die Afrikaanse poësie in 'n duisend en enkele gedigte. *Die Burger*, 12 April: n.p.

- Viljoen, L. 2013. *Ingrid Jonker: Poet under apartheid*. Athens: Ohio University Press.
- Vos, S. en Muller, S. 2020. *Sulke vriende is skaars: Die briewe van Arnold van Wyk en Anton Hartman, 1949–1981*. Pretoria: Protea Boekhuis.
- Walton, C. 2004. Bond of brothers: Anton Hartman and music in an apartheid state. *The Musical Times* 145(1887): 63–74.
- Wilkins, I. en Strydom, H. 1979. *The Broederbond*. New York: Paddington Press.

Note

1. Hierdie navorsing is moontlik gemaak deur befondsing van die Nasionale Navorsingstigting (NRF) van Suid-Afrika. Enige menings, bevindings, gevolgtrekkings of aanbevelings wat hier uitgespreek word, is my eie, en die NRF aanvaar geen aanspreeklikheid daarvoor nie. Ek wil graag die volgende persone bedank: die anonieme keurders vir hulle waardevolle kommentaar; Stephanus Muller, wie se terugvoer op 'n vroeër weergawe van hierdie artikel die teks aansienlik verbeter het; en Carina Venter vir haar volgehoue ondersteuning van hierdie werk.
2. Fourie het permanent in Suid-Afrika gewoon ná haar huwelik met H.C.M. Fourie, 'n Afrikaanse dominee. Vir meer oor Fourie, sien Froneman (2012, 2024). Van Warmelo was nie 'n permanente inwoner van Suid-Afrika nie, maar het sy navorsing tydens 'n aantal uitgebreide besoeke aan Suid-Afrika gedoen. Vir meer inligting oor Van Warmelo, sien Malan (1986: 429–430) en Cillié (1991: 22–23; 1993).
3. Bouws het nie soos Van Warmelo en Fourie deur die land gereis om volksliedjies te dokumenteer nie, maar het meer gefokus op historiografie en argiefwerk.
4. Carina Venter (2009, 2011) se werk verteenwoordig die mees uitgebreide kritiese ooreweging van Bouws se werk tot op hede. Hierdie werk steun egter op 'n kritiese lees van Bouws se skryfwerk en nie op argivale navorsing nie.
5. Juliana Bouws het bygedra tot die kunsblaai van *Die Burger* en gewerk aan 'n vertaling van Sangiro se werke in 1947. In 1946 besoek sy Suid-Afrika om geld in te samel vir die leerstoel in Afrikaans aan die Universiteit van Amsterdam (Ottermann, 1978: 27), meer as tien jaar voor Jan se eerste besoek aan die land. Volgens P.J. Nienaber het die Afrikaners gunstig oor haar besoek gepraat en haar vriendelikheid het baie gedoen om die onaangenaamheid wat deur vorige Nederlandse besoekers aan die land agtergelaat is, te verdryf (Nienaber aan Bouws, 1 Mei 1947). Juliana was later deel van die redaksiespan van die *Standard Encyclopedia of Southern Africa* wat in die 1970's gepubliseer is, en het 'n goeie vriendin van die Afrikaanse digteres Ingrid Jonker geword (Viljoen, 2013: 35).
6. Die Bouws-versameling by die Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum en Navorsing-sentrum in Bloemfontein bevat 'n gedeelte van Bouws se korrespondensie met hierdie komponiste.

7. P.J. Nienaber en Bouws was besonder goeie vriende en het oor 'n tydperk van 43 jaar meer as 100 briewe aan mekaar gestuur. Hierdie vriendskap is besonders omdat dit een van die min (of miskien die enigste) gedokumenteerde vriendskap tussen 'n belangrike Afrikaanse letterkundige figuur en musikoloog is.
8. Hartman was 'n belangrike figuur in Suid-Afrikaanse musiekstudies, al was hy eerstens 'n administrateur en tweedens 'n akademikus. Hy was onder andere hoof van musiek by die SAUK (waar hy ook lank die hoofdirigent van die orkes was), voorsitter van die FAK se Musiekkommissie, hoof van die adviserende komitee vir die *Suid-Afrikaanse Musiek Ensiklopedie* en het op die Suid-Afrikaanse Musiek Raad gedien. Meer biografiese besonderhede oor Hartman word deur Vos en Muller (2020) verskaf. Vir 'n beskouing van Hartman in die lig van Afrikanernasionalisme, sien Walton (2004).
9. Die onderwerp van hierdie referaat, getiteld "Die Afrikaanse Volkslied tot 1940", is spesifiek aan Bouws toevertrou (sien die bespreking van kritiek van Bouws se werk later in die artikel vir meer besonderhede). 'n Opsomming van hierdie referaat het ná die kongres in *Die Burger* (1957) verskyn.
10. Alhoewel die FAK bloot noem dat daar sedert 1957 met verskeie universiteite onderhandel is oor die stigting van 'n instituut vir volksmusiek (FAK, 1960), maak Hartman (1958a) se memorandum oor die saak dit duidelik dat daar altyd net een moontlike direkteur van so 'n instituut volgens hom was: "die tyd is ryp vir so 'n stigting [van 'n Instituut vir Volksmusiek], veral omdat 'n geskikte persoon beskikbaar is om aan die hoof daarvan te staan. Hy is mnr. Jan Bouws."
11. Dat Bouws se aanstelling van binne die FAK (en miskien selfs die Broederbond) gedryf is, is heel moontlik in ag genome die betreklik min inligting oor Bouws se aanstelling en die stigting van hierdie instituut in die amptelike dokumente van die Universiteit Stellenbosch. In die notule van die Raadsvergadering van 13 Desember 1958 rapporteer die senaat "dat hy, na aanleiding van 'n skrywe van prof. G.Z. van der Spuy en 'n memorandum van mnr. A.C. Hartman (dirigent van die S.A.U.K. te Johannesburg) i.s. die stigting van 'n instituut vir Afrikaanse Volksmusiek aan hierdie Universiteit ten einde die Afrikaanse erfoed op die gebied van die musiek behoorlik te versamel, te bestudeer en opnuut in omloop te bring, van oordeel is dat die bewaring van die Afrikaanse Volksmusiek, hetsy by wyse van die stigting van 'n instituut of by wyse van die skepping van 'n spesiale lektoraat – namate die Raad van die Universiteit dit kan bekostig – wenslik is" (Universiteit Stellenbosch, 1958). In 'n daaropvolgende notule van die raadsvergadering van 31 Oktober 1959, beveel die raad aan "dat mnr. Jan Bouws met ingang 1 Januarie 1960 in bogenoemde pos [Lektoraat in Volksmusiek] aangestel word teen die maksimum salaris op die betrokke skaal" (Universiteit Stellenbosch, 1959). Alhoewel Ottermann (2002: 141) beweer dat die Instituut vir Volksmusiek gedeeltelik deur die FAK befonds is, kon ek nie enige bewyse vir hierdie stelling vind nie.
12. Alhoewel daar dikwels verwys word na hierdie instituut, het dit egter net in naam

bestaan, soos duidelik blyk uit hierdie brief van professor Richard Behrens (hoof van die Konservatorium) aan die Universiteit Stellenbosch se akademiese registrateur in 1972: “Hierdie sogenaamde instituut is in die lewe geroep toe dr. Jan Bouws in 1960 as lektor aan die Konservatorium vir Musiek aangestel is. Dr. Bouws het benewens sy verpligtinge as dosent die direkteurskap van die instituut beklee. Die ‘instituut’ is egter nooit gekonstitueer of duidelik omlyn nie. Dit bevat ’n versameling boeke en opnames, maar in werklikheid was dr. Jan Bouws self die instituut. Hy het volksmusiek versamel, baie lesings oor die onderwerp gegee, artikels en boeke oor volksmusiek gepubliseer en informasie aan belangstellendes beskikbaar gestel” (sien Behrens aan die Registrateur (Akademies), 14 Desember 1972).

13. Vir ’n volledige bibliografie van dié en sy ander werk, sien Ekermans (1998).
14. Ander vroeë geskiedenis van musiek in Suid-Afrika sluit in ’n kort artikel deur Percival Kirby (1937) en ’n meestersverhandeling deur Anton Hartman (1947).
15. Bouws gebruik die terme ‘Afrikaans’ en ‘Suid-Afrikaans’ dikwels uitruilbaar, wat op ’n konseptuele vervaging tussen taal- en nasionale identiteit dui.
16. Vir lank het die meeste nagraadse studies in musiekwetenskap by die Universiteit Stellenbosch onder Bouws se leiding plaasgevind. Nadat hy aftree-ouderdom bereik het, is Bouws vir drie addisionele jare aangestel as lektor om hierdie leiding voort te sit (Behrens aan die Registrateur (Akademies), 7 Augustus 1969, 29 Julie 1970, 13 Oktober 1971).
17. Bouws se mees noemenswaardige nagraadse student is sekerlik Reino Ottermann, wat sy meestersgraad en doktorsgraad onder Bouws se leiding voltooi het. Ottermann was die eerste persoon wat die leerstoel in musiekwetenskap (ingestel in 1978) by Stellenbosch beklee het en was vanaf 1988-1998 direkteur van die Konservatorium en voorsitter van die musiekdepartement. Ottermann het self baie nagraadse studies by die departement gelei, en is in 1980 as die ondervoorsitter van die pas gestigte Musiekwetenskapvereniging van Suid-Afrika verkies (Lüdemann, 2005: 105). Ander nagraadse studente van Bouws sluit in Theresa van Niekerk (meestersverhandeling oor die invloed van die Sankey-beweging op die kerklied in Suid-Afrika), Joseph Stanford (meestersverhandeling oor die lewe en werk van P.K. de Villiers), Jacobus Bouwer (meestersverhandeling oor die lieder siklus van Schubert en Müller), Valerie van Zyl (meestersverhandeling oor Afrikaanse minneliedjies), Daniël Geldenhuys (meestersverhandeling oor blokluitspel in Nederland) en Eduan Grobbelaar (meestersverhandeling oor Hans Endler en doktorsale proefskrif oor die kulturele betekenis van ds. M.L. de Villiers tydens die jare van die emansipasie van die Afrikaanse volk).
18. Slegs Grové (1952: 74) het uitgesproke oor Afrikaanse volksmusiek geskryf en dit as “te platvloers en onkenmerkend” afgemaak “om die grondslag vir ernstige werk te vorm”. In ander gevalle kan dié komponiste se gebrek aan belangstelling afgelei word uit die volgende: hulle gebruik nie Afrikaanse volksmusiek in hul komposisies nie; hulle was nie betrokke by verenigings en inisiatiewe soos die *FAK Volksangbundel* wat dié musiek wou

bevorder nie; en wanneer hulle wél volksmusiek gebruik het, was dit dikwels vir komiese effek, soos in Van Wyk se *Suiderkruis*-suite, en Du Plessis se *Slamse Beelde*. My dank aan Stephanus Muller vir hierdie insig.

19. My dank aan Stephanus Muller wat hierdie inligting met my gedeel het.
20. Hierdie bekommernisse oor 'n gebrek aan kulturele ingebedheid is nie uniek aan Bouws nie. Die Nederlander Gerrit Komrij se bloemlesing van Afrikaanse poësie (*De Afrikaanse poëzie in 1000 en enkele gedichten*, 1999) het soortgelyke kritiek ontlok oor sy selektiewe en subjektiewe hantering van Afrikaanse kultuur. Sien Lina Spies (2000) en Louise Viljoen (2000).
21. Dit is insiggewend dat, ten spyte van hierdie fel kritiek op Bouws se werk, Hartman steeds so entoesiasties was om Bouws permanent in Suid-Afrika te kry. Dit is moontlik dat Hartman hier gedink het aan die potensieël belangrikheid van Bouws se werk vir die volk (en kulturele nasionalisme, sien later in die artikel) eerder as sy bydrae as akademikus.
22. Sommige van Bouws se werke, soos *Die Afrikaanse Volkslied* (Bouws, 1958) en *Maat-gespeel* (Bouws, 1964), is samestellings van werk wat elders gepubliseer is. Hoewel dit in hierdie twee gevalle aangedui word, kom duplisering sonder erkenning in groot dele van Bouws se oeuvre voor.
23. Alhoewel Sandmeier suggereer dat Bouws Boniface as die eerste Suid-Afrikaanse komponis voorhou, beskryf Bouws hom eintlik as “'n man wat ons as een van die eerste komponiste van Suid-Afrika mag beskou” (Bouws, 1957b: 11 [my kursivering]). Bouws erken ook dat Boniface nie van werklike belang as komponis is nie, maar “musiekhistories slegs van belang [is] in 'n beskouing wat hom onder die Suid-Afrikaanse pioniere van toneel in verbinding met musiek en dans plaas” (Bouws, 1980: 210).
24. Alhoewel hulle nooit akademiese loopbane in musiek gehad het nie, het beide Steyn en Weich musikale opleiding gehad. Steyn het 'n BMus by Universiteit Stellenbosch voltooi, en het aansienlike ervaring gehad deur sy werk by die SAUK en as die Kaaplandse Raad vir die Uitvoerende Kunste se organiseerder vir opera en musiek. Op sy beurt was Weich 'n opgeleide orrelis (alhoewel hy nie 'n musiekgraad voltooi het nie) wat as musiekkritikus vir *Die Burger* gewerk het. Weich was ook 'n belangrike beskermheer vir Afrikaanse komponiste, veral in sy rol as prominente lid van Die Oranjeklub. Vir meer oor Weich (en Die Oranjeklub), sien Yolanda Botha (2009) en Stegmann (1986: 469-470). Stegmann (1918-1996) was 'n chemiedosent aan die Universiteit Stellenbosch. Ten spyte van sy gebrek aan formele opleiding in musiek, het hy verskeie artikels en radioprogramme oor musiek gepubliseer, en daardeur 'n groot bydrae tot die bevordering van Westerse kunsmusiek in Suid-Afrika gemaak. Stegmann het gereeld met internasionale kunstenaars gekorrespondeer en was grootliks verantwoordelik vir vele van hierdie kunstenaars se besoeke aan Suid-Afrika. Vir meer oor Stegmann, sien Vos en Muller (2020: 62) en Malan (1984: 297-300). Alhoewel hy 'n lid van die bekende musikale De Villiers-familie was, het Con de Villiers ook geen formele opleiding in musiek gehad nie. De Villiers het egter

vele artikels oor musiek in publikasies soos *Die Huisgenoot* gepubliseer (hy het ook plate versamel). Sien Stegmann (1979: 333-334).

25. In 'n brief aan H.B. Thom (25 Oktober 1978) oor die voltooiing van Bouws se laaste werk ná sy afsterwe bevestig Juliana Bouws dat die weglaat of bywerking van voetnote in die teks soms 'n doelbewuste strategie was om die werk vir lesers meer toeganklik te maak: "voorsien van voetnote kry dit om so te sê swaarte wat nie deur die inhoud geregverdig word nie en potensiële lesers en kopers sou kon afskrik".
26. Venter se "intellektuele ekonomie" verwys na die nie-materiële maar ideologies gelaaide verhouding tussen Afrikaanse kunsmusiekdiskoers en apartheid-denke. Hierdie ekonomie is dus 'n netwerk van gedeelde metafore en konseptuele raamwerke wat kulturele produksie subtiel met nasionalistiese ideologie verbind het.
27. Bouws fokus nie spesifiek op sogenaamde 'kleurlingmusiek' nie, maar verwys soms daarna in sy werk oor die volksliedjie, veral aangesien baie van dié liedjies buite 'n uitsluitlik wit Afrikanerkonteks ontstaan het.
28. 'n Brief van Arnold van Wyk aan Bouws (27 Februarie 1947) ondersteun die idee dat 'n Afrikanermusiekkultuur en -geskiedenis tot 'n mate *geskep* is: "... ons is so bewus van die feit dat ons op kunsgebied nog maar min presteer het dat ons nou oornag 'n tradisie wil skep en 'n roemryke verlede".
29. Interessant in hierdie verband is die belangrikheid wat aan sang geheg word, asof die proses van liggewing deur die Afrikaanse stem daartoe lei dat die melodieë ten volle Afrikaans word. In so 'n siening is dit die stem en klank van Afrikaans wat die beskawingsidee dra. Met hierdie interpretasie is die klem wat geplaas is op elokusie in apartheid-Suid-Afrika miskien nie verbasend nie.
30. Vir meer oor hierdie spanning in Suid-Afrikaanse kunsmusiek, sien Muller (2000, veral 40-41).
31. In 1969 ontvang Bouws ook die Nederlands-Suid-Afrikaanse Vereniging se Van Riebeeckpenning.
32. Ná Bouws se dood is die teks op aanbeveling van H.B. Thom aansienlik deur Juliana Bouws-Van Heijningen hersien. HAUM onttrek in 1982 aan die publikasie daarvan as gevolg van "die verwagte ekonomiese klimaat" (Hage aan Bouws-Van Heijningen, 27 Januarie 1982), waarna dit uiteindelik deur Tafelberg Uitgewers uitgegee word nadat die historikus dr. A.J. Boëseken dit persoonlik aan hulle voorgelê het (Bouws-Van Heijningen aan Liefeldt, 5 Mei 1982).
33. In sy siening van homself as 'n Afrikaner verskil Jan Bouws van 'n soortgelyke figuur soos Jan Greshoff, wat – ten spyte van sy betrokkenheid by die Afrikanerkultuur en intellektuele lewe – neergesien het op die Afrikaanse taal en homself nooit as 'n Afrikaner beskou het nie. Vir 'n meer uitgebreide bespreking van Greshoff, sien Recourt (2018) sowel as Recourt en Jansen (2012). Interessant genoeg het P.J. Nienaber dikwels op kritiese wyse oor Greshoff aan die Bouws-egpaar geskryf (Nienaber aan Bouws, 30 Junie 1947, 11 Februarie 1951; Nienaber aan Bouws-Van Heijningen, 2 Maart 1947, 17 Oktober 1948).

Wat is die literêre respons op lyding? Vergelykings van Afrikaanse en Nederlandse tekste.

Ilse de Korte en Andrew Sutton

What is the literary response to suffering? Comparisons of Afrikaans and Dutch texts.

This article examines how suffering is portrayed in Afrikaans and Dutch fiction and asks what the different literary responses to suffering in the respective cultures are. The discussion will involve two themes from trauma narratives: (1) war and concentration camp experiences; and (2) suicide and its impact on relatives and the family unit. Each section will compare an Afrikaans and a Dutch text. Kamphoer by Francois Smith (2014) and Soedah, laat maar by Maddy Stolk (2023) are compared first. Then Opdrifsel by Philip Rademeyer (2022) and Waar ik liever niet aan denk by Jente Posthuma (2020) (translated as What I'd rather not think about by Sarah Timmer Harvey, 2023) are compared. The texts were chosen with the aim of discussing similar themes and trauma narratives and thereby meaningfully conducting a comparative study. Close readings and a literary intersectionality analysis was performed to draw conclusions about trauma and resilience. The investigation attempts to identify phenomena that occur in both literatures and to draw conclusions about the possible resilience of the respective societies.

1. Inleiding

Daar verskyn die afgelope twintig jaar twee belangrike publikasies wat handel oor trauma en traumanarratiewe in Afrikaans en Nederlands: in 2007 Chris van der Merwe en Pumla Gobodo-Madikizela se teks *Narrating our healing: Perspectives on working through trauma*, en in 2012 Hans Ester se versameling saam met Chris van der Merwe en Etty Mulder getiteld *Woordeloos tot verhaal: Trauma en narratief in Nederlands en Afrikaans*. Ester se versameling dek verskeie klassieke en kontemporêre Afrikaanse en Nederlandse tekste, en *Narrating our healing* plaas die fokus op trauma in die Suid-Afrikaanse konteks, met kort afdelings waar daar gefokus word op onder andere *Disgrace* van J.M. Coetzee (1999) en die analise van 'n individu se droom.

Mar en Oatley (2008: 174, 183) meen die funksie van fiksionele narratiewe is onder meer om lesse oor sosiale gedrag en situasies oor te dra en bied die ontvanger die geleentheid om te leer hoe ander in spesifieke situasies optree

sonder om self enige risiko of gevolge te ervaar. 'n Analise van die uitbeelding van pyn en siekte identifiseer die oorkoepelende vrae en raamwerke van hoe individue wat ly hulleself uitdruk en handhaaf (Norridge, 2011: 213). Yang (2022: 29) dui aan dat mense uit letterkunde oor trauma en traumabehandeling kan leer en dat letterkunde ruimte het om te ontwikkel om hierdie funksie beter te kan verrig. Op 'n fundamentele vlak is alles wat ons lees en hoe ons lees onlosmaaklik en interseksioneel aan sosiale, politieke en ekonomiese aspekte verbind (Khan, 2022: 16). Soortgelyk meen Norridge (2011: 216) dat letterkunde gesien kan word as 'n refleksie van die stelsel, maar dat dit ook die potensiaal het om die stelsel te verander. Norridge (2011: 221) voer aan dat letterkunde die sosiale strukture van lyding verwoord en deur taal sigbaar maak, en sodoende vir lesers se betrokkenheid toeganklik is. Hierdie menings skakel met Van der Merwe en Gobodo-Madikizela (2007: 56) se beskrywing van literêre traumanarratiewe:

Literary narratives reveal, as well as conceal, trauma; real life issues are disguised in fictional characters and situations. Like the dream narrative, literary narrative shows the tension between disclosure and silence [...]. But, whereas the dream is a private matter, the literary narrative is public domain, inviting public discussion. But literary narratives have so many facets that we easily miss an essential part of them: their content of traumas with the resulting possibilities of resonance in everyday life.

Terwyl Van der Merwe en Gobodo-Madikizela se teks grootliks op die Suid-Afrikaanse konteks fokus, poog Ester, Van der Merwe en Mulder om 'n versameling Nederlandstalige en Afrikaanse outeurs in gesprek te plaas oor die verwantskap tussen hulle tale, maar nie in terme van die tema nie. Dit het kritiek ontlok. In sy resensie oor die boek skryf Gunther Pakendorf (2013):

Aan die een kant is daar sprake van gebeure in die Europese konteks: die Holocaust, die Tweede Wêreldoorlog, die einde van die Nederlands-Indiese ryk, met verwysing na Nederlandse asook Vlaamse skrywers. Die meeste hiervan is interessant en insiggewend, maar nadat 'n mens 'n volle 16 Nederlandse artikels gelees het, kom die agt in en oor Afrikaans 'van ver af' en praat skynbaar oor andersoortige temas, en dis nie maklik vir die leser om die Europese kloutjie by die Afrikaanse oor te kry nie. Ek wil byna sê: dis asof hulle by mekaar verby praat, sodat 'n dialoog tussen die twee nie werklik tot stand kan kom nie.

Hieruit ontstaan die vraag of daar enige sin daarin is om Afrikaanse en Nederlandstalige traumatekste met mekaar te vergelyk? Vergelykende

studies loop dikwels die risiko om sinneloos by mekaar verby te praat en om weer vir Pakendorf (2013) aan te haal: “By ’n hele aantal artikels in hierdie bundel moes ek my afvra of die term ‘trauma’ nog hoegenaamd toepaslik is.” Hy skryf verder:

Interessant genoeg word daar baie minder gewag gemaak as wat ’n mens sou verwag het van die gebeure wat die trauma-gesprek in Suid-Afrika in die onlangse verlede aan die gang gekry het, naamlik die Grensoorlog en die Waarheid-en-Versoeningskommissie (Pakendorf, 2013).

Die vergelykende literatuurwetenskap word meestal onderneem ten opsigte van tekste wat die literêre grense van verskillende tale of kulture oorskry en die vergelykingsbasis van só ’n ondersoek is gewoonlik gebaseer op gemeenskaplike temas, strominge of konvensies wat in die verskillende tekste voorkom (Van Vuuren, 2024). Palumbo-Liu (2011: 48) skryf dat vergelykende literatuurstudie metode bied om die variante in die uitbeeldings van die wêreld na te spoor en gedeelde elemente te identifiseer. Die kategorie ‘particularizers’ of spesifieke vergelykende literatuurstudie [ons vertaling] is van belang vir die onderstaande bespreking. Hier word die nasionale tekste van ’n letterkunde geanaliseer met die doel om uit te lig wat uniek is aan daardie spesifieke letterkunde se uitbeeldings van kultuur, ruimte en geskiedkundige omstandighede (Marcus, 2011: 137). Norridge (2011: 214) skryf dat vrae oor herstel en lyding in pyn- of siektenarratiewe wyd genoeg is om kulturele verskille aan te dui, maar ook spesifiek genoeg is om vergelyking moontlik te maak.

’n Verdere problematiese aspek van vergelykende studie is om vergelykbare tekste en temas sinvol te versamel en in gesprek met mekaar te plaas. Ons wou aanvanklik *Valsrivier* (2013) deur Dominique Botha en *Waar ik liever niet aan denk* (2020) deur Jente Posthuma vergelyk en aan die hand van die hoofkarakters (die broers) se selfdood bespreek, maar die besonderhede oor Paul in *Valsrivier* se selfdood is te min en vind slegs neerslag in die laaste hoofstuk en die gedig aan die einde van die roman. Hoewel *Valsrivier* dus nie een van die fokusse van hierdie vergelykende studie sal wees nie, lig ons wel ’n merkbare ooreenkoms tussen Paul en Een (die oudste kind en broer van Twee) in *Waar ik liever niet aan denk* in die bespreking uit.

Deur dan Nederlandstalige en Afrikaanse tekste met mekaar te vergelyk, plaas ’n mens die interpretasie van daardie tekste binne ’n groter globale kultuur en neem navorsers derhalwe deel aan ’n groter gesprek. Daar is reeds ondersoek ingestel na die transnasionalisme van Afrikaanse skrywers

en tekste (sien Viljoen, 2014a en Viljoen, 2014b). In hierdie artikels verken Viljoen hoe temas, styl en ideologieë in die Nederlandse literatuur Afrikaanse skrywers beïnvloed het en omgekeerd. Hierdie studies beklemtoon die historiese en kulturele bande tussen Nederland en Suid-Afrika en bou op geskiedkundige en ideologiese begrippe wat die insig in beide kulture verdiep, maar ook hoe hierdie verhoudings in die postkoloniale konteks herbesoek en bevraagteken word (Viljoen, 2014a: 5). Viljoen beskryf voorts hoe hierdie historiese en taalkundige bande tussen Afrikaans en Nederlands 'n klein transnasionisme ('minor transnationalism') moontlik maak (Viljoen, 2014a: 5). Sy voer verder aan dat deur Afrikaans (wat as 'n klein letterkunde beskou kan word) met Nederlandse tekste te vergelyk, Afrikaans nader aan die Europese sentrum beweeg, al word Nederlands self nie as 'n groot letterkunde geag nie (Viljoen, 2014a: 6). Viljoen fokus dan veral op hoe Afrikaanse skrywers Nederlandse tekste vertaal, herskryf of weer aanwend om eie identiteite en diskoerse te ontwikkel, en hoe hierdie prosesse tot 'n transnasionale literêre gesprek bydra.

In die onderstaande bespreking staan geheue en oorvertelling in die tekste sentraal. Hierdie artikel ondersoek hoe lyding in Afrikaanse en Nederlandse fiksie uitgebeeld word en vra: Wat is die verskillende kulture se literêre respons op lyding? Die bespreking sal twee temas uit traumanarratiewe betrek: (1) oorlogs- en konsentrasiekampervarings; en (2) selfdood en die impak daarvan op sibbe en die familie-eenheid. Elke afdeling sal 'n Afrikaanse en Nederlandse teks vergelyk. *Kamphoer* deur Francois Smith (2014) en *Soedah, laat maar* deur Maddy Stolk (2023) word eerstens vergelyk. Daarna word *Opdrifsel* deur Philip Rademeyer (2022) en *Waar ik liever niet aan denk* deur Jente Posthuma (2020) (vertaal as *What I'd rather not think about* deur Sarah Timmer Harvey, 2023) vergelyk. Die tekste is gekies met die doel om gelyksoortige temas en traumanarratiewe te bespreek en die vergelykende studie sinvol te ondersteun. Die ondersoek poog om verskynsels te identifiseer wat in beide literature voorkom en te bepaal of daar gedeelde tiperende konvensies of gemeenskaplike kodes in terme van die tale se literêre respons op lyding in die tekste aangebied word. Uit die bespreking sal daar afleidings gemaak kan word oor die onderskeie samelewings se veerkragtigheid – die vermoë om te aanvaar, om aan te pas en van teëspoed te herstel (Gumb, 2017: 466).

Kamphoer handel oor die verhaal van Susan Nell en begin in die Anglo-Boereoorlog waar sy aangeval en verkrag word. Later, in die Eerste Wêreldoorlog, werk sy in 'n Britse militêre hospitaal vir traumapasiente en in haar tyd as verpleegster moet sy een van haar destydse aanvallers as 'n pasiënt konfronteer.

In *Soedah, laat maar* word twee generasies se oorlogstrauma deur die jongste generasie verwerk. Die hoofkarakter, Tara, is in die hede besig om haar ouers se huis op te pak nadat haar ma dood is. Sy ontdek elf bandopnames wat haar pa gemaak het oor sy familie se geskiedenis en die reeks traumas wat die familie ervaar het, maar nooit voorheen verwoord of gekonfronteer het nie.

Marcus (2011: 143-145) skryf oor die sinnelose afwesigheid van dramatekste in die vergelykende literatuurwetenskap en dui op die belangrikheid van drama as narratiewe vorm en as deel van 'n nasionale letterkunde. Die drama *Opdrifsel* word betrek omdat dit een van min Afrikaanse tekste oor selfdood is. In die voorbereidings vir hierdie ondersoek het dit duidelik geword hoe min die onderwerp in Afrikaanse fiksie aangespreek word. Die drama *Opdrifsel* beeld die egpaar Mara en Bernard se lewe uit ná die selfdood van hulle seun, Dylan, en handel oor die impak wat dit op hulle verhoudings en huwelik gehad het.

In *Waar ik liever niet aan denk* word die hoofkarakter, Twee, se verlies van haar tweelingbroer, Een, op 'n nie-liniêre wyse voorgestel. Die reeks vinjette spring tussen die hede en verlede en belig verskeie gebeure uit hulle verlede vanaf hul kinderjare tot ná haar broer se selfdood, en haar konfrontasie en verwerking van sy selfdood. Hy het homself doelbewus in die rivier verdrink.

Die tekste bevat nie volledige omskrywings van die onderskeie traumatiese gebeure nie. Die vertellings in *Waar ik liever niet aan denk*, *Kamphoer* en *Soedah, laat maar* vind plaas lank ná die oorspronklike impak van die trauma, nadat die getraumatiseerde persoon daarop gereageer het, en dit plaas fokus op die integrasie van die traumatiese insident en hulle lewe vorentoe. *Kamphoer* word op soortgelyke nie-liniêre wyse aangebied as *Waar ik liever niet aan denk*, met wye tydspronge om die bestek van die verhaal aan te bied.

Opdrifsel open vyf jaar ná die traumatiese insident (Dylan se verdwyning en selfdood) en die vertelling speel agteruit sodat die verhaal opbou na die oomblik van impak toe.

Die bandopnames wat Tara se pa in *Soedah, laat maar* agterlaat, dien as talige voorstelling van die historiese traumas (oorlogskonflik, geweld en die konsentrasiekampe) en 'n oorvertelling aan 'n empatiese gehoor. In die eerste opname dui Jan aan:

En nu is het mijn beurt om mijn kennis aan jou over te brengen, zodat jij de verhalen levend kunt houden. Want zolang ons verhaal verteld wordt, leven wij voort (Stolk, 2023: 29).

En in die laaste bandopname sluit hy af:

Dit was het zo'n beetje, Tara Madé. Het verhaal van je dear old dad. Hier en daar heb ik iets weggelaten, vergeten, of misschien een beetje mooier gemaakt. [...] Wat ik na al die jaren nooit heb kunnen begrip: waarom hebben de Indonesiërs mijn bangsa, mijn volk, so verskrikkelik toegetakeld? Na zulke verskrikkingen zit er niets anders op dan dat je aan de kant gaat staan van degene die jou het minst kwaad heeft gedaan. [...] De verhalen die ik je vertelde, die ik voor je heb ingesproken, de schoonheid van mijn vroege jeugd, de gekke avonture met mijn kleurrijke ooms, die immense familie waarin voorkinderen en offisiële kindereen naast elkaar leefden sonder aanzien des persoons, dat zijn mijn herinneringeen en daar kan niemand aan komen, niemand kan dat betwisten (Stolk, 2023: 269-271).

- Pennycook, A. en Mitchell, T.** 2009. Hip-hop as dusty foot philosophy: Engaging locality. In: Alim, H.S., Ibrahim, A. en Pennycook, A. *Global linguistic flows: Hip hop cultures, youth identities and the politics of language*. New York: Routledge.
- Pfeijffer, I.L.** 2000. De mythe van de verstaanbaarheid. *Bzzlletin* 30(274): 74-87.
- Pihel, E.** 1996. A furified freestyle: Homer and hip hop. *Oral Tradition* 11(2): 249-269.
- Smit, M.** 2018. Poësie op die podium: 'n Ondersoek na die sosiale rol en betrokkenheid van performatiewe kultuurvorme, met spesifieke verwysing na Afrikaanse gedigte en lirieke. Ongepubliseerde PhD-proefskrif. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.
- Smith, M.P.** 2001. *Transnational urbanism: Locating globalization*. Oxford: Blackwell.
- Vertovec, S.** 2009. *Transnationalism*. Londen: Routledge.
- Wiendels, L.** 2017. Lokaliteit en authenticiteit van de Nederhop. *Nederhop Magazine* (1): 22-32.
- Winfield, B.H. en Davidson, S.** (reds.). 1999. *Bleep! Censoring rock and rap music*. Connecticut: Greenwood Press.
- Wright, S.** 2000. 'A love born of hate': Autonomist rap in Italy. *Theory, Culture & Society* 17(3): 117-135.

Note

1. Hierdie artikel se navorsingsfokus kom uit Smit (2018) se doktrale proefskrif getiteld: “Poësie op die podium: ’n Ondersoek na die sosiale rol en betrokkenheid van performatiewe kultuurvorme, met spesifieke verwysing na Afrikaanse gedigte en lirieke.”
2. Die verskynsel van hip-hop as globale fenomeen word deurgaans betrek en bespreek in Klopper (2017).
3. Die doel van ’n rapgeveg of ‘rap battle’ is om jou opponent met jou beledigings omver te gooi. Die kunstenaar se identiteit, fisieke eienskappe, rapstyl en selfs kleredrag en persoonlike verhoudings mag gebruik word om beledigings op te baseer.
4. DJ’s en ‘beat-boxers’ speel ’n groot rol by rap. Die rapper maak staat op die ritme wat verskaf word, maar die rapper en die ‘beat-boxer’ moet ook wedersyds kommunikeer sodat die rap vloei.
5. In Amerika is daar ’n populêre televisieprogram, *Drop the Mic*, waar bekende Hollywood-akteurs en ander glitterati (soos byvoorbeeld Anne Hathaway, David Schwimmer en Kevin Hart) teen mekaar meeding. Die idee is dat hulle mekaar soveel beledig as moontlik en dan die ander deelnemer met slim woordgebruik en rymelary uitoorlê. Hierdie deelnemers is nie rappers nie, maar hulle vaardighede as rappers word in dié televisieprogram ten toon gestel.

Iets interessants: Konstruksievariasie in die Afrikaanse en Nederlandse deelsgenitiefkonstruksie – [iets][ADJ-s] as 'n gevallestudie

Adri Breed, Timothy Coleman, Anneke Butler, Monique Rabé, Suléne Pilon, Lande Botha, Maristi Partridge, Roald Eiselen en Gerhard B. Van Huyssteen

Something interesting: Construction variation in the Afrikaans and Dutch partitive genitive construction – [iets][ADJ-s] as a case study

This study examines the variation in the partitive genitive construction in Afrikaans and Dutch. Using corpora from Afrikaans (NKK 2.2) and Dutch (OpenSoNaR discussion forums) we compare the marked (-s) and unmarked forms of adjectives following the indefinite pronoun iets. The Dutch dataset is further divided into Netherlands Dutch (NL-NL) and Belgian Dutch (NL-BE) to investigate regional differences. Data extraction was conducted using Sketch Engine (for Afrikaans) and the Decaffeinated Alpino Corpus Tool (for Dutch), with manual verification of ambiguous cases. Our findings reveal that Afrikaans strongly prefers the unmarked form. In contrast, Dutch shows significant variation: NL-NL favours the unmarked form, while NL-BE exhibits a higher frequency of the marked -s variant, sometimes in hypercorrected contexts. These results suggest a development in Afrikaans towards, while Dutch retains, constructional competition. A distinctive collostructional analysis further explores these preferences. This study highlights how constructional variation manifests across Afrikaans and Dutch.

1. Inleiding

In Nederlands en in Afrikaans is die deelsgenitiefkonstruksie¹ een van die min fleksiekonstruksies wat nog in beide tale voorkom, ten spyte van die feit dat beide Nederlands en (meer so) Afrikaans die Indo-Europese fleksiesisteem byna heeltemal verloor het (sien Pijpops en Van de Velde, 2016: 551, 2018: 99; Van Huyssteen, 2024: 247-248). Vergelyk in dié verband die Afrikaanse voorbeelde 1 en 2 en Nederlandse voorbeelde 3 en 4 hier onder.

1. Dit is elke keer iets **afgrylik-s** om te sien ...
2. ... in die hoop dat die natuurlike skagte **ietsie blink-s** sal oplewer.
3. ... Bij mij thuis en voor mijzelf is samen eten wel **iets belangrijk-s** eigenlijk.
4. Plots zag ik iets **abnormaal-s** op mijn radarscherm.

Vormlik bestaan die deelsgenitiefkonstruksie in Afrikaans en Nederlands prototipes uit 'n naamwoordstuk (NP) waarin 'n onbepaalde voornaamwoord (PN.INDEF)² as kern dien, met 'n adjektief (ADJ) wat as nabepaler optree. In beide tale word die ADJ tradisioneel gemerk met die deelsgenitiewe suffiks *-s*. Die *-s*-suffiks word soms in Nederlands weggelaat, maar hierdie weglating word dikwels in Nederlandse bronne afgemaak as 'n niestandaardkenmerk wat tot (die spreektaal van) die suide van die taalgebied beperk is (sien Geerts, Haeseryn, Romijn, De Rooij en Van den Toorn, 1997; Booij, 2010; Broekhuis, 2013, soos aangedui in Pijpops en Van de Velde, 2018: 100). Ook in Afrikaanse bronne word dikwels na hierdie konstruksie as 'n “versteende vorm” verwys (sien Carstens, 2003: 141) en daar word aangedui dat die *-s* “altyd” voorkom (sien byvoorbeeld Van Schoor, 1983: 234 en Pistor en Müller, 2003: Deel I). Ons verwys egter doelbewus na hierdie markerings as ‘tradisioneel’, aangesien die gebruik van die deelsgenitiewe *-s* in beide Afrikaans en Nederlands tog nie so 'n uitgemaakte saak is nie.

Vir Nederlands dui Pijpops en Van de Velde (2018) byvoorbeeld oortuigend aan dat die voorkoms van die deelsgenitiewe *-s* in Nederlands minder stabiel is as wat die literatuur voorheen aangedui het. Kotzé en Breed (2020) rapporteer 'n soortgelyke neiging in Afrikaans, waar die *-s* wat die deelsgenitiewe adjektief merk, in sekere kontekste (veral in gesproke en informele taalgebruik) wegval. Van Huyssteen (2024: 247) hipotetiseer selfs dat hierdie *-s*, soos die infinitiewe *-e* in *iets te drink-e*, binnekort relikte in Afrikaans kan word.

Alhoewel bostaande bronne aantoon dat die proses van konstruksieverandering in die deelsgenitiewe adjektief in albei tale aan die gang is en dat konstruksievariasie waargeneem kan word, is die Afrikaanse konstruksie nog nie sistematies of empiries in 'n korpus ondersoek nie. Gevolglik is daar steeds min bekend oor hierdie konstruksie in Afrikaans. Verder is daar tot op hede nog geen studie onderneem wat die konstruksievariasie in die twee nabyverwante tale op 'n vergelykende wyse ondersoek nie. Hierdie artikel het ten doel om hierdie tweeledige leemte te ondersoek deur eerstens 'n korpusondersoek na die Afrikaanse deelsgenitiefkonstruksie uit te voer, en tweedens hierdie ondersoek só op te stel dat die konstruksievariasie in Afrikaans met dié in Nederlands vergelyk kan word. Ons doel is dus om, met behulp van 'n korpusondersoek, die omvang van konstruksievariasie in die Afrikaanse deelsgenitief te bepaal en ook te bepaal in watter mate die konstruksievariasie in die twee tale ooreenstem of verskil.

Pijpops en Van de Velde (2016, 2018) se omvattende korpusondersoek na die Nederlandse deelsgenitiefkonstruksie dui 'n aantal belangrike en relevante

observasies oor die Nederlandse konstruksie aan. Nietemin is die resultate van hulle korpusondersoek nie volledig geskik vir die tweeledige doelwit van hierdie vergelykende studie nie, aangesien dit nie as 'n basis vir vergelyking met die Afrikaanse resultate gebruik kan word nie. Eerstens verskil die doelwitte van hulle studies van dié van hierdie ondersoek. Die 2016-artikel fokus hoofsaaklik op die bekendstelling van konstruksiekontaminasie, met die Nederlandse deelsgenitiefkonstruksie as voorbeeld. Die 2018-artikel brei uit op die spesifieke faktore wat -s-weglating in die Nederlandse deelsgenitiefkonstruksie beïnvloed. Die datastel vir beide artikels sluit gevalle met en sonder -s in en is beperk tot 'n voorafbepaalde seleksie van ses onbepaalde voornaamwoorde en 35 adjektiewe wat dikwels in die konstruksie voorkom en dus as verteenwoordigend beskou word. Vir die onderhawige studie was dit egter noodsaaklik om 'n breër datastel saam te stel, *sonder* voorafgaande beperkings op die adjektiewe.

Tweedens het Pijpops en Van de Velde (2016, 2018) in hulle ondersoek na die Nederlandse konstruksie van die CONDIV-korpus gebruik gemaak, wat Nederlandse tekste uit Nederland en België insluit en volgens register gestratifiseer is (Grondelaers, Deygers, Aken, Van den Heede en Speelman, 2000). Hierdie korpus, met 'n totale omvang van ongeveer 45 miljoen woorde, bestaan uit kletskamergesprekke ('chat logs'), kommentare van aanlyn gespreksforums (Usenet) en elektroniese koerantberigte.

Soos reeds genoem, wys Kotzé en Breed (2020) daarop dat Afrikaanse konstruksievariasie veral in gesproke en informele Afrikaans sigbaar is. Ons ondersoek fokus daarom op die gebruik van 'n korpus wat verteenwoordigend is van informele, ongeredigeerde en spontane taalgebruik. Die NWU-Kommentaarkorpus 2.2 (NKK) (CTexT, 2023) is vir hierdie doel geskik.

Vir 'n taalvergelykende studie is dit noodsaaklik om ook 'n Nederlandse korpus met soortgelyke eienskappe te gebruik. In plaas van die Usenet-komponent van die CONDIV-korpus maak ons in hierdie studie gebruik van 'n subkorpus van die SoNaR³-korpus (Oostdijk, Reynaert, Hoste en Van den Heuvel, 2013) aangesien dit sintaktiese annotasies bevat wat meer soekmoontlikhede bied (sien afdeling 3 vir meer inligting oor die korpora en die soekprosedures wat gebruik is). Hierdie subkorpus bestaan uit ongeredigeerde gespreksforumdata uit België en Nederland, en onderskei tussen Belgies-Nederlands (NL-BE) en Nederlands-Nederlands (NL-NL).⁴ Dit stel ons in staat om die konstruksievariasie op 'n triangulêre wyse te vergelyk: Afrikaans, NL-BE en NL-NL.

Om die geskiktheid van die korpora te bevestig, is voorlopige konkordansies van die deelsgenitiewe konstruksie in al drie die subkorpora gemaak. Die

aanvanklike soektog het getoon dat die konstruksie frekwent in al drie tale voorkom, met *iets* as die algemeenste voornaamwoord in hierdie konstruksie. Vir die doeleindes van hierdie studie fokus ons dus op die [iets][ADJ-s]-konstruksie.

Hierdie afbakening bied twee verdere voordele: Eerstens is *iets* vormlik dieselfde in al drie tale (anders as byvoorbeeld *niks* in Afrikaans en *niets* in Nederlands) en tweedens is daar genoeg voorbeelde van die [iets][ADJ-s]-konstruksie in al drie subkorpora om 'n vergelykende analise moontlik te maak. Vervolgens stel ons die volgende navorsingsvrae:

- Wat is die frekwensie van die [iets][ADJ-s]-konstruksie in ongeredigeerde Afrikaanse en Nederlandse korpora?
- Watter ADJ'e kom in die [iets][ADJ-s]-konstruksie voor?
- Watter van hierdie ADJ'e kom ook in die ongemerkte vorm in die [iets][ADJ]-konstruksie voor?
- Watter variant (gemerk of ongemerk) van die ADJ kollokeer die sterkste met *iets* in die [iets][ADJ]-konstruksie?
- Hoe vergelyk die bevindinge uit die Afrikaanse korpusondersoek met dié uit die Nederlandse korpusondersoek?

Om hierdie vyf navorsingsvrae te beantwoord, is die artikel soos volg gestruktureer: Afdeling 2 bespreek die belangrikste teoretiese vertrekpunte met betrekking tot konstruksieverandering, afdeling 3 beskryf die korpusondersoek en die metodologie, en samevattende opmerkings word in afdeling 4 gegee.

2. Teoretiese vertrekpunte

In konstruksiegrammatika word taalverandering beskryf in terme van konstruksionalisering. 'Konstruksionalisering' is die geleidelike stap-vir-stap-proses waardeur 'n opeenvolgende reeks klein (prekonstruksionele) konstruksieveranderinge uiteindelik aanleiding gee tot die vestiging van 'n nuwe konstruksie (Traugott en Trousdale, 2013: 22; Traugott, 2021). Konstruksionalisering word primêr gestu deur die kognitiewe prosesse analogisering en neoanalise.

'Analogisering' dui op 'n proses van patroonpassing en kategorisering (Traugott en Trousdale, 2013: 37-39). Dit beteken dat 'n taalgebruiker analogiese denke gebruik om ooreenkomste tussen een of meer konstruksies te identifiseer ten einde 'n nuwe konstruksie te vorm. So byvoorbeeld is *iets verkeerd*-s in 5 hier onder 'n voorbeeld van die deelsgenitiefkonstruksie:

Die adjektief *verkeerd* is 'n nabepaler in die naamwoordstuk met die voornaamwoord *iets* as kern. In hierdie konstruksie word die adjektief dan normaalweg met 'n -s-suffiks gemarkeer. In 6, daarenteen, is *verkeerd* 'n bywoord wat die werkwoord *verstaan* bepaal, en *iets* is die objek van *verstaan*. Daar is dus 'n vormlike ooreenkoms – 'n analogie – tussen die twee konstruksies: *iets* word gevolg deur 'n vormlik identiese adjektief/adverbium, in hierdie geval *verkeerd*. Hierdie twee gevalle is egter glad nie van dieselfde aard nie. Die gevolg van hierdie analogiseringsproses word geïllustreer in 7, waar die deelsgenitiewe -s by *verkeerd* in die deelsgenitiefkonstruksie weggelaat word (sien ook Pijpops en Van de Velde 2016 se bespreking van konstruksiekontaminasie in die Nederlandse deelsgenitiefkonstruksie, 'n proses wat spesifiek deur sulke vormlik identiese konstruksies ontlok word).

5. *Ek het mos nie iets verkeerds gesê nie.*⁵
6. *... ek dink julle lesers verstaan iets verkeerd.*
7. *... ek tel nie gewig op as ek dalk iets verkeerd eet nie.*

'Neoanalise' (Traugott en Trousdale, 2013: 35-37) is 'n proses waardeur 'n bestaande konstruksie herinterpreteer word. Hierdie herinterpretasie lei tot die ontstaan van 'n nuwe konstruksie, gebaseer op die oorspronklike konstruksie, maar met 'n verandering in vorm, betekenis of funksie. So byvoorbeeld word die Afrikaanse setselstuk *om verskoning* dikwels geanaliseer as 'n naamwoord in plaas van 'n setselstuk, wat dan lei tot die skryfwyse *?omverskoning*, tot dié mate dat daar toenemend *?onverskoning* voorkom.

8. *Daar is nooit hiervoor om verskoning gevra nie.*
9. *Op sosiale media maak mense uitlatings en vra vinnig genoeg omverskoning ...*
10. *Ek sterf eerder voordat ek onverskoning vra ...*

Konstruksionalisering is tipies die resultaat van 'n opeenvolgende reeks klein veranderinge (Traugott, 2021). Daar is in bestaande literatuur nog geen aanduiding van wanneer presies konstruksionalisering plaasvind nie en konstruksieveranderinge wat wel waarneembaar is, word algemeen beskou as pre- en postkonstruksionaliseringskonstruksieveranderinge ('pre-/post-constructionalization constructional changes') (Traugott en Trousdale, 2013: 27; Traugott, 2021). Hierdie konstruksieveranderinge word deur Traugott (2021) gedefinieer as "[m]odulations of contextual uses prior to and following constructionalization". Die fases waarin hierdie veranderinge plaasvind word

voortaan in ooreenstemming met Traugott (2021) prekonstruksionalisering en postkonstruksionalisering genoem.

Prekonstruksionalisering sluit in veranderinge of tendense wat konstruksionalisering voorafgaan. Prekonstruksionalisering is egter nie noodwendig bepalend nie; dit beteken dus nie dat konstruksionalisering noodwendig gaan plaasvind nie, maar hierdie veranderinge kan moontlik aanleiding gee tot konstruksionalisering (Traugott, 2021). Dit is egter belangrik om te benadruk dat die bestaan van prekonstruksionalisering slegs bevestig kan word nadat konstruksionalisering plaasgevind het (sien Börjars, Vincent en Walkden, 2015: 372 vir kritiese bedenkinge oor hierdie onderskeid tussen konstruksionalisering en prekonstruksionalisering). Indien konstruksionalisering nooit plaasvind nie, kan hierdie veranderinge nie as prekonstruksionele veranderinge beskou word nie. Prekonstruksionele veranderinge sluit in (sien Noël en Coleman, 2021: 2; Traugott en Trousdale, 2013: 27; Traugott, 2021, 2022):

- 'n neoanalise van struktuur en 'n verlies aan komposisionaleiteit binne 'n konstruksie, wat lei tot 'n afname in die toeganklikheid van die betekenis van 'n konstruk;
- 'n uitbreiding van pragmatiese eienskappe;
- die semantisering van pragmatiese eienskappe (soos by subjektivering en intersubjektivering);
- (die ontstaan van) 'n onenigheid tussen vorm en betekenis; en
- klein spreidingsveranderinge (dit is hoe konstruksies se gebruik ingeperk of uitgebrei kan word op die semantiese of sintaktiese vlak, of frekwensieveranderinge).

Postkonstruksionalisering is 'n proses van aktualisering (Traugott, 2021). Dit is met ander woorde 'n proses van propagering oor linguistiese kontekste heen. Postkonstruksionele veranderinge is ook meer gelokaliseerd as in die geval van prekonstruksionalisering. Hierdie veranderinge sluit in (sien Noël en Coleman, 2021: 2; Traugott en Trousdale, 2013: 27; Traugott, 2021, 2022):

- kollokasidele uitbreiding waar die verandering versprei na nuwe onmiddellike omgewings;
- morfologiese en fonologiese reduksie;
- 'n toename of afname in gebruiksfrekwensie;
- 'n verdere verlies aan komposisionaleiteit waar die betekenis van dele minder duidelik word;

- 'n verlies aan analiseerbaarheid binne 'n konstruksie – dele word dus nie net minder duidelik nie, maar ook minder onderskeibaar;
- veralgemening oor mikrokonstruksies en 'n belyning met ander mikrokonstruksies wat kan lei tot inkorporering onder 'n meer abstrakte skematiese tipe-node;
- die uitbreiding van die skema en 'n toename in tipe-produktiwiteit; en
- voortdurende gebruik van prekonstruksionele kontekste en veral die belyning met 'n skema kan daartoe lei dat die konstruksie 'n beter passing kry binne die skema en dat dit van 'n perifere lid tot 'n sentrale lid verander.

Konstruksieveranderinge lei tot konstruksievariasie en hierdie konstruksievariasie skep kompetisie tussen variërende konstruksies (sien byvoorbeeld Goldberg, 2019 wat hierdie kwessie uitvoerig bespreek). Sodanige kompetisie kan uiteindelik lei tot konstruksionalisering as die nuwe konstruksie gevestig raak en die ander een in onbruik verval, of die twee naas mekaar bly bestaan (met of sonder 'n voorkeurvorm). Konstruksieveranderinge wat aanleiding gee tot klein variasies wat vorm en betekenis betref, lei egter nie in alle gevalle noodwendig tot konstruksionalisering nie (Traugott, 2021).

Die variasie met betrekking tot die genitiewe -s by *iets*, wat op verskillende maniere in Afrikaans en Nederlands aanwesig is, dui op 'n konstruksieverandering wat in albei hierdie tale aan die werk is. Hierdie verandering het waarskynlik te make met die proses van fleksieverlies wat al dikwels in beide Afrikaans en Nederlands beskryf is (vergelyk byvoorbeeld Pijpops en Van de Velde, 2018: 99 en Van Huyssteen, 2024). In Afrikaans word geen genitiefkonstruksie boonop meer morfologies gerealiseer nie, en besitting kan slegs deur 'n perifrastiese konstruksie met die genitiefpartikel *se* aangedui word (sien byvoorbeeld 11).

11. ... *hulle is seker nie meer welkom in Wimpie se huis nie.*

So gesien sou die weglating van die genitiewe -s beskryf kon word as 'n postkonstruksionele verandering, aangesien fleksieverlies – asook die konstruksionalisering wat plaasgevind het met betrekking tot die genitiefkonstruksie – nou kennelik na 'n nuwe konteks (die deelsgenitiewe konstruksie) en na nuwe mikrokonstruksies (spesifieke adjektiewe) uitbrei. 'n Volledige korpusondersoek van die Afrikaanse en Nederlandse deelsgenitiefkonstruksie moet egter uitgevoer word om vas te stel wat die presiese aard en omvang van die konstruksieverandering is.

3. Korpusonderzoek

In hierdie studie maak ons gebruik van ongeredigeerde datastelle in die vorm van aanlyn forums en kommentaar op nuusartikels. Die onderliggende aanname is dat die voorkoms van die konstruksievariasie akkurater gereflekteer sal word in ongeredigeerde teks, soos dit deur die breër publiek gebruik word, eerder as geredigeerde teks, soos koerantberigte of literêre werke. Die gebruik van forums en kommentaar beteken ook dat 'n groter groep skrywers se gebruik ondersoek kan word, en dat daar nie slegs 'n beperkte stel professionele skrywers se werk in ag geneem word nie. Die gebruik van meer informele en ongeredigeerde teks word ook ondersteun deur Pijpops en Van de Velde (2016, 2018), sowel as Kotzé en Breed (2020), wat aandui dat die voorkoms van die ongemerkte vorm meer gereedelik in informele tekste voorkom.

Op grond van hierdie data onttrek ons beskrywende statistieke om die voorkoms van die konstruksie, sowel as die verskillende ADJ'e wat in die konstruksie voorkom, te bespreek. Laastens ondersoek ons die voorkeur van die gemerkte of ongemerkte variant op grond van 'n onderskeidende kollekseemanalise (Gries en Stefanowitsch, 2004; Gries, 2022) om te bepaal hoe die konstruksievariasie in Afrikaans en Nederlands op ADJ-vlak vergelyk.

Soos vroeër genoem, gebruik ons vir hierdie vergelykende studie die NKK vir Afrikaans en die OpenSoNaR: gespreksforums ('Discussion Lists') vir Nederlands (Oostdijk *et al.*, 2013). Ons ondersoek ook die moontlikheid dat die Nederlandse konstruksie op verskillende maniere variasie vertoon in NL-NL en NL-BE onderskeidelik. Daarom verdeel ons die SoNaR-korpus tussen forums wat in Nederland geskryf is en dié van Belgiese oorsprong. 'n Opsomming van die omvang van die onderskeie korpora word in Tabel 1 gegee.

Die NKK is saamgestel uit kommentaargedeeltes van twee webwerwe, waarvan die oorgrote meerderheid data afkomstig is van 'n Afrikaanse aanlyn koerant en strek van 2014 tot 2023. 'n Kleiner deel is versamel uit 'n satiriese nuusblad tussen 2000 en 2023.⁶ Hoewel die oorsprong en moontlik ook die aard van hierdie bronne verskil, word geen onderskeid tussen die onderskeie afdelings van die NKK gemaak nie.

Naam	Taal/Variëteit	Tekseenhede	Jare
NKK 2.2	Afrikaans (AF)	51 693 425	2000-2023
SoNaR: forums	Nederlands-Nederlands (NL-NL)	11 391 992	2002-2009
SoNaR: forums	Belgies-Nederlands (NL-BE)	45 678 562	2002-2009

Tabel 1: Omvang van die NKK 2.2 en OpenSoNaR: gespreksforums.

Soektogte in die NKK is met behulp van Sketch Engine (Kilgarrieff, Baisa, Bušta, Jakubíček, Kovář, Michelfeit, Rychlý en Suchomel, 2014) uitgevoer. Konkordansielyne is verkry deur alle gevalle van die voornaamwoorde *iets* en *ietsie* te onttrek. Hoewel die NKK outomaties van woordsoortetikette voorsien is, is die etikettering van woorde wat op die voornaamwoord *iets* volg, nie altyd akkuraat nie. Gevolglik is adjektiewe wat met die deelsgenitiewe suffiks *-s* gemerk is en ná *iets* voorkom, handmatig geïdentifiseer en onttrek. 'n Lys van hierdie adjektiewe is opgestel, en 'n konkordansielys van *iets(ie)* saam met die ongemerkte vorme is onttrek en handmatig nagegaan om te verseker dat *iets* wel deur 'n adjektief (en nie 'n bywoord nie) gevolg word. Die Nederlandse data is verkry uit die sintakties geannoteerde weergawe van SoNaR, Lassy Groot (Van Noord, Bouma, Van Eynde, De Kok, Van der Linde, Schuurman, Tjong Kim Sang en Vandeghinste, 2013), met behulp van die Decaffeinated Alpino Corpus Tool (DACT). Sien die Bylaag vir die soektogte wat uitgevoer is.⁷

Eerstens is gesoek na alle sinne waarin die lemma *iets* as die kern van 'n naamwoordstuk funksioneer en gevolg word deur 'n willekeurige woord wat as 'n adjektief geëtiketteer is en in 'n bepalerverhouding tot *iets* staan (Soektog 1). Handmatige analise van die resultate het getoon dat hierdie soektog wel doeltreffend was in die opsporing van die gemerkte *-s*-konstruksie, maar nie betroubaar voorbeelde met 'n ongemerkte adjektief kon identifiseer nie. Die rede hiervoor is dat hierdie adjektiewe nie konsekwent as bepalers van die naamwoordstuk se kern in die outomatiese sintaktiese analise herken is nie. Daarom is 'n aanvullende soektog uitgevoer om alle sinne te identifiseer waarin die lemma *iets* die subjek of objek van die sin is, gevolg deur 'n willekeurige woord wat as 'n adjektief geëtiketteer is, en wat in die outomatiese sintaktiese analise (verkeerdelik) as 'n bepaler van die werkwoord geëtiketteer is (Soektog 2).⁸ Hierdie tweede soektog het meer irrelevante resultate opgelewer as die eerste, maar het wel daarin geslaag om 'n aanvaarbare aantal voorbeelde van die konstruksie met 'n ongemerkte adjektief te vind.

Die resultate van hierdie twee soektogte is handmatig nagegaan. Gevalle soos 12 waar die adjektief duidelik as 'n bywoord gebruik word (*vlugger* bepaal hier eerder *durven zeggen* as *iets*), is uit die data verwyder. Gevalle soos 13 is dubbelsinnig, aangesien dit óf 'n voorbeeld van die ongemerkte deelsgenitiefkonstruksie kan wees ('iemand doen iets wat verkeerd is') óf 'n geval waar *fout* as bywoord optree ('iemand doen iets op 'n verkeerde manier'). Sulke gevalle is slegs in die datastel opgeneem indien die spesifieke kombinasie van werkwoord, voornaamwoord en adjektief ook minstens een keer in die gemerkte vorm in die korpus voorkom (soos in hierdie geval, waar *iets fouts doen* ook in die korpus aangetref word). Hierdie prosedure vir die insluiting van dubbelsinnige gevalle word ook deur Pijpops en Van de Velde (2018) gebruik.

12. *ja hier ga je mss⁹ al eens iets vlugger durven zeggen, maar ik moet toegeven dat ik in het echt ook wel mijn mening geef, maar mss iets minder dan*
13. *en als je op zulke wijze behandelt word als je iets fout doet kweet niet hoor heb daar zo sterk men bedenkingen bij¹⁰*

Hierdie stappe het tot die samestelling van twee bruikbare datastelle vir die studie gelei: 'n datastel met 1 487 deelsgenitiefkonstruksies vir Nederlands-Nederlands (NL-NL) en 2 742 deelsgenitiefkonstruksies vir Belgies-Nederlands (NL-BE).

In die data was daar ook 'n klein aantal sinne (12 in die Belgiese en een in die Nederlandse data) waarin die adjektief met -s gemerk was, ondanks die feit dat dit duidelik as 'n bywoord gebruik is. 'n Voorbeeld hiervan is 14: dit gaan nie oor *iets wat fout is* wat “in die beslissingsproses gegaan het” nie, maar oor *iets wat fout gegaan het* in die beslissingsproses. Dit is 'n interessante geval van hiperkorreksie: Soms voeg Belgiese sprekers, veral dié wat die prestigevariëteit wil gebruik, die -s selfs in gevalle by waar dit eintlik nie hoort nie. Hierdie tipe voorbeelde is eweneens uit die data verwyder.

14. *Op basis wat ik in de Morgen gelezen heb, is er toch iets fouts gegaan in het beslissingsproces over welk project er nu moet gekozen worden.*

Tabel 2 hier onder toon die frekwensies van die konstruksie in die drie tale/variëteite en gee 'n opsomming van die frekwensies van die onbepaalde voornaamwoorde *iets* en *ietsie*. Eerstens word die rou frekwensie getoon, ongeag die konteks, en daarna die voorkoms in die relevante konstruksie – beide met en sonder die deelsgenitiewe -s – asook die aantal gevalle waar die adjektief op /s/ eindig, waar die deelsgenitiewe -s eweneens nie van toepassing is nie.

	PN	[PN][ADJ-∗]	[PN][ADJ-s]	[PN][ADJ-Æ]	[PN][ADJ op /s/]
AF <i>iets</i>	61 481	5 450 (.0886)	2 582 (.0420†)	2 481 (.0404)	387 (.0063)
AF <i>ietsie</i>	868	86 (.0991)	35 (.0403)	49 (.0565)	2 (.0023)
NL-NL <i>iets</i>	16 424	2 297 (.1399)	1 464 (.0891)	22 (.0013)	811 (.0494)
NL-BE <i>iets</i>	57 919	4 923 (.0850)	2 172 (.0375)	555 (.0096)	2 196 (.0379)

Tabel 2: Die absolute en relatiewe frekwensies van IETS in Afrikaans (AF), Nederlands-Nederlands (NL-NL) en Belgies-Nederlands (NL-BE) in die onderskeie korpora.

Uit die basiese frekwensies van die konstruksie, soos in Tabel 2 aangedui, blyk dit duidelik dat *iets* baie meer gereeld gebruik word as die verkleiningsvorm *ietsie*. Daar is egter geen wesenlike verskil in die relatiewe gebruiksfrekwensie van hierdie twee vorme in Afrikaans nie. 'n χ^2 -toets¹² bevestig statisties dat die verskil nie beduidend is nie ($\chi^2 = 2,87$; $p = 0,09$). Daarom word *ietsie* en *iets* in alle verdere analyses saam as vorme van die lemma IETS hanteer.

Daar is wel 'n duidelike verskil in die frekwensie van die konstruksie se gebruik tussen Afrikaans (AF), Nederlands-Nederlands (NL-NL) en Belgies-Nederlands (NL-BE), beide in die gemerkte en ongemerkte ($\emptyset$) vorm. Dit word verder ondersteun deur statisties beduidende verskille tussen die variëteite.

- AF en NL-NL ($\chi^2 = 1107,1476$; $p < 1 \times 10^{-5}$)
- AF en NL-BE ($\chi^2 = 620,5896$; $p < 1 \times 10^{-5}$)
- NL-NL en NL-BE ($\chi^2 = 289,8084$; $p < 1 \times 10^{-5}$)

Die frekwensieverskil tussen NL-NL en NL-BE is om twee redes opvallend: Eerstens kom die ongemerkte konstruksie ses keer meer gereeld in NL-BE voor as in NL-NL. Tweedens is die proporsionele gebruik van die konstruksie in NL-BE byna die helfte soveel as in Nederlands soos dit in Nederlandse forums voorkom. In AF kom die konstruksie byna so gereeld voor as in NL-NL, maar die proporsie ongemerkte adjektiewe in die konstruksie is aansienlik hoër as in enige van die twee Nederlandse variëteite.

Vir ons analise en bespreking neem ons slegs adjektiewe in ag wat nie op /s/ eindig nie (byvoorbeeld *skaars*), aangesien hierdie vorme nie onderskeibaar is van 'n gemerkte adjektief nie. In AF is daar 216 verskillende adjektiewe wat aan hierdie kriteria voldoen, in NL-NL 299, en in NL-BE 393. Tabel 3 dui die 20 frekwentste adjektiewe aan wat in die gemerkte deelsgenitiefkonstruksie in elk van die drie korpora voorkom.

	AF		NL-NL		NL-BE	
	ADJ in gemerkte konstruksie	n	ADJ in gemerkte konstruksie	n	ADJ in gemerkte konstruksie	n
1	goed	312	dergelijk	215	dergelijk	232
2	positief	278	leuk	175	nieuw	182
3	nuut	244	nieuw	104	speciaal	142
4	daadwerklik	148	lekker	65	mooi	80
5	soortgelyk	144	mooi	38	goed	68

6	dergelik	138	positief	32	zinnig	65
7	beter	94	bijzonder	32	leuk	57
8	besonder	69	zinnig	29	nuttig	56
9	verkeerd	64	speciaal	27	positief	56
10	verskriklik	59	soortgelijk	25	gelijkaardig	55
11	groot	56	ernstig	24	beter	48
12	negatief	56	goed	19	slecht	38
13	konstruktief	50	raar	18	erg	33
14	mooi	48	vergelijkbaar	16	verkeerd	32
15	vreeslik	47	spannend	13	deftig	31
16	klein	46	persoonlijk	13	origineel	29
17	sleg	45	belangrijk	13	soortgelijk	26
18	lelik	41	vervelend	12	persoonlijk	25
19	produktief	27	nuttig	12	klein	24
20	nuttig	24	verkeerd	11	interessant	24

Tabel 3: Die 20 frekwentste adjektiewe (wat nie op /s/ eindig nie) in die gemerkte deelsgenitiefkonstruksie vir AF, NL-NL en NL-BE.

Uit die tabel blyk dit duidelik dat die gebruik van adjektiewe in die deels-genitiefkonstruksie merkbaar tussen die drie tale verskil. Daar is byvoorbeeld slegs sewe ooreenstemmende adjektiewe uit die boonste 20 in al drie tale: *goed*, *positief*, *nuut*, *soortgelyk*, *dergelik*, *mooi* en *nuttig*. Selfs tussen die twee Nederlandse variëteite is daar net 11 ooreenstemmende adjektiewe, wat dui op 'n noemenswaardige verskil in die adjektiewe wat die meeste in die deelsgenitiefkonstruksie gebruik word.


Die volledige lys van adjektiewe wat in die gemerkte vorm voorkom, dien ook as basis vir die dataonttrekking van die ongemerkte vorme in Afrikaans. Hierdie data word in die volgende afdeling ontleed om te bepaal of spesifieke adjektiewe 'n voorkeur toon vir die gemerkte of ongemerkte vorm in die konstruksie.

3.1. Gemerkte teenoor ongemerkte adjektiewe

Om die omvang van die moontlike konstruksievariasie in die onderskeie tale te bepaal, is die soektog uitgebrei om die voorkoms van alle [iets][ADJ]-konstruksies te onttrek. In totaal is daar 5 147 relevante gevalle vir AF, waarvan 2 617 (50,85%) die gemerkte vorm het en 2 530 (49,15%) die ongemerkte

vorm het. In die NL-NL-data is daar 1 486 relevante gevalle, met slegs 22 wat die ongemerkte vorm het (1,48%). Van die 2 727 relevante gevalle in die NL-BE-data is daar 555 ongemerkte gevalle (20,35%).

Die data in Tabel 2 (sien ook Figuur 1 hier onder vir 'n visuele voorstelling) toon duidelik dat die verlies van die deelsgenitiewe vorm in die [iets][ADJ]-konstruksie baie selde in die NL-NL-data voorkom, selfs in meer informele gespreksforums. In NL-BE is dit egter merkbaar algemener, soos ook bevestig deur Pijpops en Van de Velde (2018). In AF is die spreiding bykans identies, wat dus 'n sterker parallel met die NL-BE-patroon aandui.



Figuur 1: Proporsionele verdeling van gemerkte en ongemerkte konstruksies in AF, NL-NL en NL-BE.

Die ongemerkte konstruksie is nie heeltemal afwesig in die NL-NL-data nie (sien 15 en 16 hier onder as voorbeelde), maar dit is duidelik 'n opvallender opsie. Aangesien daar so min gevalle van die ongemerkte variant in die NL-NL-data is, sluit ons nie hierdie variëteit by verdere analyses in nie.

15. *Sinds enkele weken ervaar ik iets raar ter hoogte van mijn bovenste buikspieren.*
16. *Overigens, in het weekend struinen wij altijd in de natuur (lopend of per fiets) rond of we gaan [iets leuk doen met vrienden en kinderen].*

Ons kan ook uit hierdie data sien dat die ongemerkte vorm in die deelsgenitief-konstruksie vir AF baie meer gereeld voorkom as in NL-BE. Die gemerkte


konstruksie het wel nog nie heeltemal in AF in onbruik verval nie, en dit blyk op die oog af dat die keuse tussen die gemerkte en ongemerkte vorm afhanklik is van die spesifieke adjektief wat gebruik word. Die 20 frekwentste adjektiewe vir elk van die tale, oor die twee variante van die konstruksie saam, word in Tabel 4 gelys.

AF			NL-BE		
ADJ	Frekwensie		ADJ	Frekwensie	
	Ø	·s		Ø	·s
goed	250	312	dergelijk	6	232
positief	229	278	nieuw	19	182
verkeerd	369	64	speciaal	31	142
nuut	85	244	goed	62	68
beter	145	94	verkeerd	88	32
daadwerklik	87	148	mooi	12	80
soortgelyk	78	144	nuttig	18	56
dergelik	5	138	leuk	13	57
reg	137	1	positief	10	56
groot	68	55	zinnig	0	65
negatief	51	56	gelijkaardig	0	55
mooi	48	48	beter	3	48
sleg	50	45	slecht	7	38
verskriklik	35	59	deftig	10	31
konstruktief	42	50	fout	28	11
lelik	42	41	erg	4	33
klein	28	46	origineel	4	29
erger	54	16	interessant	7	24
vreeslik	23	47	negatief	7	22
besonder	0	69	persoonlijk	2	25

Tabel 4: Die 20 frekwentste ADJ'e wat saam met IETS voorkom, beide met en sonder die deelsgenitiewe ·s.

Wanneer ons die data tussen AF en NL-BE vergelykend analiseer, is daar ook 'n aanduiding van hoe hierdie konstruksievariasie in die onderskeie tale voorkom. Figuur 2 toon die proporsionele verdeling van gemerkte teenoor ongemerkte vorme vir adjektiewe wat in beide AF en NL-BE voorkom. In twee

gevalle, naamlik *dergeli(j)k* en *goed*, is die verspreiding byna identies. Verder is *goed* die enigste geval waar NL-BE 'n hoër proporsionele voorkeur vir die ongemerkte vorm het as AF.



Figuur 2: Proporsionele verdeling van gemerkte en ongemerkte vorme van ADJ wat in beide AF en NL-BE voorkom.

Alhoewel daar steeds 'n redelike verskil tussen die twee taalvariëteite is, is dit ook opmerklik dat NL-BE die ongemerkte vorm van *verkeerd* baie meer gebruik as die gemerkte vorm, soortgelyk aan AF. So ook verkies AF die gemerkte vorm van *nuut* relatief meer as die ongemerkte vorm, wat grotendeels in teenstelling is met ander adjektiewe. Die grootste verskil tussen die twee tale is in die gebruik van *beter*, waar NL-BE in die meerderheid van die gevalle die gemerkte vorm gebruik, terwyl AF dit slegs in ~40% van gevalle gebruik.

Vir AF en NL-BE is daar genoegsame voorlopige bewyse dat sommige adjektiewe moontlik een van die twee vorme verkies. Hierdie hipotese word getoets deur middel van 'n onderskeidende kollekseemanalise, uitgevoer met behulp van Gries (2022) se Coll.analysis 4.0-skrip vir elke taal. Die analise bepaal statisties of 'n spesifieke adjektief 'n voorkeur vir die gemerkte of ongemerkte vorm toon.

Kyk ons eerstens na die kollekseemanalise vir AF (sien Tabel 5 hier onder),

is daar twaalf adjektiewe wat 'n beduidende voorkeur vir die gemerkte variant toon, waarvan ses 'n baie sterk voorkeur het, naamlik *dergelik*, *besonder*, *nuut*, *soortgelyk* en *daadwerklik* ($p < 0,001$). Daarteenoor toon 13 adjektiewe 'n beduidende voorkeur vir die ongemerkte variant, met sewe wat 'n besonder sterk voorkeur het, naamlik *verkeerd*, *reg*, *ekstra*, *erger*, *beter*, *noemenswaardig* en *opbouend*. Dit blyk verder dat die komparatiewe vorm van 'n adjektief oor die algemeen 'n voorkeur vir die ongemerkte variant het, byvoorbeeld *erger*, *beter*, *groter* en *minder*. Buiten die statisties beduidende gevalle in Tabel 3 kom komparatiewe adjektiewe in AF oor die algemeen meer gereeld in die ongemerkte vorm voor.

Voorkeur vir die ongemerkte variant				Voorkeur vir die gemerkte variant			
<i>Adjektief</i>	$\emptyset$	<i>-s</i>		<i>Adjektief</i>	$\emptyset$	<i>-s</i>	
verkeerd	369	64	***	dergelik	5	138	***
reg	137	1	***	besonder	0	69	***
ekstra	26	0	***	nuut	85	244	***
erger	54	16	***	soortgelyk	78	144	***
beter	145	94	***	daadwerklik	87	148	***
noemenswaardig	11	0	***	yslik	1	14	***
opbouend	25	6	***	produktief	9	27	**
groter	34	17	*	vreeslik	23	47	**
werklik	10	2	*	goed	250	312	*
sinvol	41	24	*	verskriklik	35	59	*
ernstig	38	21	*	gruwelik	2	10	*
minder	7	1	*	onwettig	11	24	*
wit	7	1	*				

Tabel 5: Resultate van 'n onderskeidende kollekseemanalise vir [iets][ADJ] in AF vir adjektiewe met 'n statisties beduidende voorkeur in die deelsgenitiefkonstruksie.

Tabel 6 bied die kollekseemanaliseresultate vir NL-BE. Hier sien ons dat ses adjektiewe 'n sterk voorkeur vir die gemerkte variant toon, waarvan *dergelijk*, *zinnig*, *nieuw*, *gelijkaardig*, *soortgelyk* en *beter* 'n besonder sterk voorkeur het. Daarteenoor toon 13 adjektiewe 'n beduidende voorkeur vir die ongemerkte variant, met sewe wat 'n besonder sterk voorkeur het. Veral *verkeerd*, *goed* en *fout* verkies baie duidelik die ongemerkte vorm.

Dit is ook opvallend dat baie van die adjektiewe wat 'n voorkeur vir die ongemerkte variant toon, ook gereeld as bepalers van werkwoorde voorkom,

dit wil sê in adverbiale gebruik (byvoorbeeld *iets verkeerd/goed/fout lezen, uitspreken, opvatten, aanpakken*, ensovoorts). Hierdie resultate stem groten-deels ooreen met die bevindinge van Pijpops en Van de Velde (2016) oor konstruksiekontaminasie en kan moontlik verklaar word deur die proses van analogisering: Taalgebruikers gebruik die ongemerkte variant na analogie van die bestaande adverbiale gebruik, aangesien die vormlike ooreenkoms tussen die konstruksies sulke uitbreiding fasiliteer.

Dat die kollekseemanalise vir NL-BE meer adjektiewe met 'n beduidende voorkeur vir die ongemerkte variant as vir die gemerkte konstruksie identifiseer, is nie verrassend nie in die lig van die algemene verspreiding tussen die twee variante. Hierdie verspreiding verskil aansienlik van AF, waar die verhouding andersom is. Vir 'n adjektief om as kenmerkend van die gemerkte konstruksie beskou te word, moet dit dus veel meer in die gemerkte konstruksie voorkom as wat op grond van hierdie algemene verhouding ver wag sou word. In AF is hierdie tendens egter reeds omgekeer.

Voorkeur vir die ongemerkte variant				Voorkeur vir die gemerkte variant			
<i>Adjektief</i>	Ø	·s		<i>Adjektief</i>	Ø	·s	
verkeerd	88	32	***	dergelijk	6	232	***
fout	28	9	***	zinnig	0	65	***
goed	62	68	***	nieuw	19	182	***
slim	7	1	***	gelijkaardig	0	55	***
extra	7	3	***	soortgelijk	0	26	*
fatsoenlijk	10	8	**	beter	3	48	*
juist	3	0	**				
sexy	3	0	**				
tof	5	3	*				
onmenselijk	3	1	*				
specifiek	3	1	*				
kinky	2	0	*				
live	2	0	*				

Tabel 6: Resultate van 'n onderskeidende kollekseemanalise vir [iets][ADJ] in NL-BE vir adjektiewe met 'n statisties beduidende voorkeur in die deelsgenitiefkonstruksie.

Wanneer ons die verskynsel vergelykend tussen AF en NL-BE ondersoek, word die patrone wat in die proporsionele figuur sigbaar was, ook hier

bevestig. Daar is duidelike ooreenkomste, soos by *nuut/nieuw*, *soortgelyk/soortgelyk* en *dergelik/dergelijk*, wat in beide tale die gemerkte variant verkies, asook by *verkeerd, reg/juis* en *ekstra/extra*, wat in beide tale die ongemerkte variant verkies. Daar is egter ook verskille tussen die tale, soos in die geval van *goed*, wat in AF die gemerkte variant verkies, terwyl dit in NL-BE eerder die ongemerkte variant verkies.

Die verskil in voorkeur vir *goed* suggereer moontlik dat konstruksiekontaminasie in AF 'n minder belangrike faktor is as in NL, maar om hierdie hipotese te bevestig, sou 'n multifaktorondersoek nodig wees, wat buite die bestek van hierdie studie val. Nog 'n interessante verskil is dat daar in NL-BE geen komparatiewe vorme onder die kollekseme van die ongemerkte variant voorkom nie. Trouens, die enigste (atipiese) komparatiewe adjektief in Tabel 6 is *beter*, wat 'n sterk voorkeur vir die gemerkte variant toon. In AF is die patroon anders, aangesien komparatiewe vorme oor die algemeen 'n voorkeur vir die ongemerkte variant toon.

Nog 'n opvallende verskil in die NL-BE-data is die voorkoms van Engelse adjektiewe onder die distinktiewe kollekseme van die ongemerkte variant, naamlik *sexy*, *kinky* en *live*. In die AF-data is daar geen Engelse leenwoorde wat 'n beduidende voorkeur getoon het nie. Dit is 'n nuwe bevinding vir Nederlands: Die klein steekproef van adjektiewe wat Pijpops en Van de Velde (2016, 2018) in hulle empiriese ondersoek gebruik het, het geen Engelse leenwoorde bevat nie. Dit is moontlik dat die voorkeur vir die variant sonder -s fonologies gemotiveer is: *sexy* en *kinky* eindig op 'n konsonantletter, terwyl *live* eindig op /v/, wat nie maklik met 'n -s-suffiks kombineer nie (al sou baie Nederlandssprekendes dit as [f] uitspreek).

Uit die kollekseemreekse in Tabel 5 en Tabel 6 sien ons dat daar ongeveer ewe veel verskille as ooreenkomste is tussen AF en NL-BE ten opsigte van die voorkeur vir die gemerkte en ongemerkte vorm van die ADJ. Dit dui daarop dat die voorkeur vir die gemerkte of ongemerkte vorm in AF en NL-BE waarskynlik deur gedeeltelik verskillende faktore bepaal word. Dit is wel duidelik dat Nederlands – in beide NL-BE en NL-NL – steeds 'n voorkeur toon vir die gemerkte vorm, terwyl AF toenemend wegbeweeg van die voorskriftelike gebruik van die deelsgenitiewe konstruksie.

4. Slotsom

In hierdie artikel het ons eksemplaries ondersoek ingestel na die moontlike konstruksievariasie wat te bespeur is in die deelsgenitiefkonstruksie in Afrikaans (AF), Nederlands-Nederlands (NL-NL) en Belgies-Nederlands (NL-

BE). Om hierdie konstruksie te ondersoek, het ons spesifiek na die [iets] [ADJ-s]-konstruksie in dié drie tale gekyk, aangesien hierdie voornaamwoord in al drie tale se deelsgenitiefkonstruksie die frekwentste voorkom.

Ons bevindings toon dat daar beduidende variasie in die gebruik van die [iets][ADJ-s]-konstruksie tussen AF, NL-NL en NL-BE voorkom, beide in terme van frekwensie en voorkeur vir die gemerkte of ongemerkte vorm. Verder blyk dit dat die keuse tussen die gemerkte en ongemerkte vorm beïnvloed word deur spesifieke leksikale en fonologiese faktore, met sommige adjektiewe wat deurgaans een variant verkies.

Die vergelykende analise tussen AF en NL-BE toon sowel ooreenkomste as verskille, veral in terme van individuele adjektiewe se voorkeur vir die gemerkte of ongemerkte variant. Terwyl sekere adjektiewe soos *nuut/nieuw*, *soortgelyk/soortgelijk* en *dergelik/dergelijk* in beide tale die gemerkte vorm verkies, verkies ander, soos *goed*, verskillende variante in die onderskeie tale. Hierdie variasie dui moontlik op verskille in konstruksiekontaminasie, aangesien vormlik soortgelyke konstruksies mekaar beïnvloed, en is waarskynlik die resultaat van die kognitiewe proses van analogisering. In konstruksiegrammatikaterme dui dit op 'n voortgaande proses van konstruksionalisering. Die weglating van die genitiewe *-s* kan in hierdie verband gesien word as 'n voorbeeld van postkonstruksionalisering, waarin 'n vroeëre verandering in die genitiefkonstruksie uitgebrei word na die deelsgenitiefkonstruksie.

'n Interessante nuwe bevinding is die invloed van Engelse leenwoorde op die voorkeur vir die ongemerkte variant in NL-BE. Adjektiewe soos *sexy*, *kinky* en *live* toon 'n sterk voorkeur vir die ongemerkte vorm, moontlik as gevolg van fonologiese beperkings op die byvoeging van die *-s*-morfeem. Hierdie aspek van variasie is voorheen nie in soortgelyke studies oor Nederlands waargeneem nie. 'n Verdere multifaktorondersoek in die trant van Pijpops en Van de Velde (2018) sou waardevol wees om die interaksie van leksikale, fonologiese en morfosintaktiese faktore sistematies te bepaal, maar behoort ook addisioneel faktore soos taalkontak (veral met Engels) en moontlik register- of genrespesifieke gebruikspatrone in ag te neem. Saam met 'n volledige korpusondersoek van die Afrikaanse en Nederlandse deelsgenitiefkonstruksie sal dit help om die presiese aard, omvang en moontlike verklarings vir hierdie konstruksieverandering vas te stel.

Noordwes-Universiteit, Suid-Afrika
Universiteit van Pretoria, Suid-Afrika
Universiteit Gent, België

Bronnelys

- Booij, G. 2010. *Construction morphology*. Oxford: Oxford University Press.
- Börjars, K., Vincent, N. en Walkden, G. 2015. On constructing a theory of grammatical change. *Transactions of the Philological Society* 113(3): 363-382.
- Broekhuis, H. 2013. *Syntax of Dutch: Adjectives and adjective phrases*. Amsterdam: Amsterdam University Press.
- Carstens, W.A.M. 2003. *Norme vir Afrikaans: Enkele riglyne by die gebruik van Afrikaans. 4de uitgawe*. Pretoria: Van Schaik.
- Centre for Text Technology (CTeXt). 2023. NWU Kommentaarkorpus 2.2. Potchefstroom: Sketch Engine.
- Geerts, G., Haeseryn, W.J.M., Romijn, K., De Rooij, J.J. en Van den Toorn, M.C. 1997. *Algemene Nederlandse Spraakkunst*. Groningen: Marthinus Nijhoff.
- Goldberg, A.E. 2019. *Explain me this: Creativity, competition, and the partial productivity of constructions*. Princeton: Princeton University Press.
- Gries, S. 2022. *Coll.analysis 4.0. A script for R to compute perform collostructional analyses*. <<https://www.stgries.info/teaching/groningen/index.html>>.
- Gries, S. en Stefanowitsch, A. 2004. Extending collostructional analysis: A corpus-based perspective on 'alternations'. *International Journal of Corpus Linguistics* 9(1): 97-129.
- Grondelaers, S., Deygers, K., Aken, H., Van den Heede, V. en Speelman, D. 2000. Het CONDIV-corpus geschreven Nederlands. *Nederlandse Taalkunde* 5(4): 356-363.
- Hoekstra, E. 2015. The partitive adjective construction. Taalportaal. <https://taalportaal.org/taalportaal/topic/pid/topic-13998813337783293>. (Datum van gebruik: 15 Augustus 2024).
- Kilgarriff, A., Baisa, V., Bušta, J., Jakubiček, M., Kovář, V., Michelfeit, J., Rychlý, P. en Suchomel, V. 2014. The Sketch Engine: Ten years on. *Lexicography* 1(1): 7-36.
